
40 DAE PAD VAN DIE KRUIS
ONTDEK
DIE GROOTSTE GEWER
DR ERNRICH BASSON

# God
## die
# Grootste Gewer

Dr Ernrich Basson

**God die Grootste Gewer**

Kopiereg © Ernrich F. Basson, 2024
ISBN 978-0-7961-4608-3 (Gedrukte weergawe)
ISBN 978-0-7961-4609-0 (Elektroniese weergawe)

Uitgegee deur Learn and Lead, Reg. no. 2015/325116/07
Posbus 4268, Rietvalleirand, Pretoria, 0174, www.learnandlead.co.za, info@learnandlead.co.za, +27 12 345 1181

**Bybelvertalings wat gebruik is sluit in:**
Indien die vertaling nie aangedui is nie, kom aanhaling uit die **Afrikaans Ou Vertaling** (OAV) 1953, Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Ander vertalings wat ook gebruik word is:
**Nuwe Lewende Vertaling** (NLV) 2008, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging

**Die Boodskap Vertaling** (DB) 2002, Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging

**Afrikaans 2020-vertaling** (2020) Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Taalversorging: A de Wet

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, in 'n ontsluiting stelsel bewaar of weergegee word in enige vorm of enige manier, hetsy elektronies of meganies, deur fotokopiëring, die maak van opnames of andersins, sonder die skriftelike toestemming van die skrywer nie.

# Inhoudsopgawe

Inleiding....................................................................... 1
Oordenkings ......................................................... 3
Slotwoord.........................................................111
Bronnelys .........................................................113

# Inleiding

*"Prys God vir Sy ongelooflike groot geskenk aan ons almal!"*

*2 Korintiërs 9:15 (DB)*

Paasfees gaan oor die ongeëwenaarde goedheid en grootheid van God. Die bekendste vers in die Bybel verklaar dat God die mensdom só liefgehad het dat Hy Jesus gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe sal hê.[1] God was nog altyd die gewer van goeie gawes.[2] Hy het die hemel en aarde tot werklikheid gespreek[3] en lewe in al sy diversiteit op aarde gegee.[4] Hy het selfs aan die mens, die aarde gegee om dit te bewerk en daaroor te heers.[5] Hy het verder beloftes gemaak, seëninge geskenk en onophoudelik voorsien. Geskiedenis getuig van die vrygewige God wat net nooit moeg raak om te gee nie.

Vrygewigheid is duidelik 'n karaktereienskap van God wat reg deur die Bybel beskryf word en is 'n skrille teenstelling met die gode van die Griekse Mitologie wat aanbid was deur mense in die Nuwe Testamentiese tye. Hierdie afgode was berug vir hulle onderlinge stryd, jaloesie en konflikte. Hulle het eerder lewe beperk as om dit te bevorder. Satan, die

---

[1] Joh.3:16

[2] Jak.1:7

[3] Gen.1:1-10

[4] Gen.1:11-25

[5] Gen.1:28

eertydse aartsengel en vyand van God se mense, het ook begeer om aanbid te word[6], maar in teenstelling is vrygewigheid definitief nie ’n karaktereienskap van Satan of sy gevalle engele nie. Jesus beskryf Satan as ’n mensemoordenaar en ’n dief van lewe.[7] God in teenstelling is die gewer van lewe en oorvloed en Jesus stel dit duidelik: “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Joh.10:10). Elke gelowige het al te doen gekry met die onvergelykbare goedheid van God en almal het iewers ook ’n getuienis oor hoe God voorsien het, onverdiend, net omdat Hy goed is. Taylor Pierce Hibbs stel dit so treffend: “We swim in gifts, in things given freely by a God so prodigal that His spending spills well beyond thought.”

In hierdie Paastyd wil ons vir 40 dae God, wat die grootste gewer is, ontdek. Wanneer ’n mens ’n lysie begin maak van wat God alles in die skepping gegee het en nog elke dag gee raak dit letterlik oneindig. Daar is so baie om te verken wat Hy spesifiek aan ons gee en hoe ons dit in die geloof kan ontvang.

---

[6] Mat.4:9

[7] Joh.8:44; 10:10

# Oordenkings

## Dag 1: Voor die begin was God

*Die Here het my heel eerste gemaak. Ek was al daar voor Hy die res gemaak het. Ek is voor die tyd al gevorm, heel aan die begin, voor die aarde daar was.- Salomo oor Wysheid (Spr.8:22-23, NLV)*

Wanneer ons in die volgende 40 dae dink oor God as die mees vrygewende persoon in die skepping, is dit bo ons menslike denke om te dink dat God alreeds bestaan het voordat daar enige iets was. By die aanvang van alles, in die onmeetbare voorgrond van tyd, was God daar. Hy is van ewigheid tot ewigheid God en nog net altyd daar. Sy oneindigheid, meer as enigiets anders, onderskei Hom van ons. Sy heiligheid verwys nie net na Sy sondeloosheid nie, maar ook na Sy andersheid of transendensie– in die sin dat Hy onvergelykbaar anders is. Een ding wat ons mense gemeen het, is dat ons wesens is wat van nature tydelik is. Aan die einde van 'n persoon se lewe, wanneer hy of sy begrawe word, word hul graf gekenmerk deur 'n grafsteen waarop 'n naam en die datums van geboorte en dood staan. Dit vertel aan ons dat 'n mens op aarde leef tussen twee datums: geboorte en dood. Daar is nie sulke datums vir God nie. Hy is oneindig, nie net ten opsigte van ruimte nie, maar ook ten opsigte van tyd. Daar was nooit 'n tyd toe God nie was nie. Hy is van ewigheid tot ewigheid daar. God se ewigheid hou verband met Sy selfbestaan. Hoe is dit enigsins moontlik? Die antwoord is eenvoudig: Want Hy is die Almagtige God en Hemelse Vader. God is veel groter as wat ons kan verstaan. Voor die begin

was God alreeds daar. Johannes, een van Jesus se dissipels, begin sy weergawe van die Evangelie so: "In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was God" (Joh.1:1).

Ek wil die eerste dagstukkie afsluit deur om aan te sluit by Paulus se lof en aanbiddingsoffer voor 'n groot God in Romeine 11:33-36 (NLV): "Hoe ongelooflik wonderlik is God nie – hoe ontsaglik ryk en wys en vol kennis is Hy nie! Sy beslissings gaan ons begrip te bowe; Sy manier van doen kan ons nie deurvors nie. Wie van ons kan regtig verstaan hoe God dink? Of wie sou as Sy raadgewer kon optree? Of wie sou ooit aan Hom 'n guns kon bewys vir wie Hy dit sou moes vergoed? Hy is die bron van alles. Alles bestaan deur Sy krag en alles is op Hom gerig. Aan Hom behoort die heerlikheid vir altyd en altyd."

*Lees hierdie volgende gedeelte, oordink hoe groot God is en skryf jou gedagtes neer.*

"Aan U, Here, behoort die grootheid en heerlikheid, mag, roem en majesteit. Alles in die hemel en op die aarde behoort aan U, Here. Aan U behoort die koninkryk. U is verhewe bo alles. Rykdom en eer kom van U alleen, want U heers oor alles. Krag en mag is in U hand, om te verhoog en te versterk" 1 Kron.29:11-12, NLV

## Dag 2: God het die begin gegee

*Die begin is die mees belangrikste deel van die werk. - Plato*

Die vraag oor die oorsprong van alles om ons, is een van die diepste raaisels wat die mensdom bestudeer het in 'n poging om dit te ontrafel. Gelowiges het oor die eeue heen dikwels hul antwoord gevind in die oortuiging dat God alles begin het. God is die oorsprong van die heelal, die aarde en als wat daarop is. Hierdie geloof rus op die idee dat God nie net 'n getuie van die skepping was nie, maar eerder die bron, ontwerper en skepper daarvan. Die openingsvers van die Bybel maak dit duidelik: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Gen.1:1). Hierdie eenvoudige, tog diep waarheid vorm die kern van ons geloof. Dit beklemtoon die primêre, ewige bestaan van God voor enige iets wat bestaan het. God het nie 'n begin of 'n einde nie. Hierdie begrip is moeilik om met 'n menslike verstand te begryp, maar dit weerspieël die onpeilbare diepte van God se selfbestaan. Moses skryf in Psalm 90:2: "My Heer, U was vir ons 'n woning van geslag tot geslag. Voordat die berge gebore is en U die aarde en die bewoonbare wêreld voortgebring het, ja, van altyd af en vir ewig is U God" (2020). Dit beteken dat God nie beperk is tot 'n spesifieke tyd of plek nie; Hy bestaan buite die grense van die skepping en tyd. Die implikasies van God wat die begin gegee het, het groot implikasies vir ons lewe. Dit beteken dan dat elke aspek van die skepping 'n doel en 'n betekenis het, wat gewortel is in Sy plan en wil. Alles het 'n groter doel wat begin met die skepping van die hemel en die aarde in Genesis en eindig by Sy woorde in Openbaring 22:12

“Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.” Die gedagte dat God die begin gegee het en ook die einde van alles, motiveer ons om Hom te aanbid, na Hom te luister en Sy Woord te gehoorsaam. Dit bring ook ’n bewustheid van ’n dieper sin van die doel met die lewe ten spyte van gebrokenheid, pyn en lyding. Hierdie wete versterk ons met geloof dat God alles in Sy hande het van die begin tot die einde!

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Johannes 1:1-2 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

“In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alles het deur Hom ontstaan en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan, ontstaan nie”, 2020

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## Dag 3: God het die hemele gegee

*The sky's the daily bread of the eyes. – Ralph Waldo Emerson*

Voor die begin van tyd was daar niks, net ’n leegte van duisternis en ’n absolute stilte. Oor hierdie oneindige leegte het God bestaan, ’n ewige Wese en het met Sy woord begin geskep. Hy het lig in duisternis gegee en die skepping in beweging geplaas. Hy het verder die Hemel met al die sterrestelsels in werklikheid gespreek: “ Ja, so sê die Here wat die hemel geskep het – Hy is God...” (Jes.45:18, 2020). Hierdie is groter as wat ons ooit kan dink!

Volgens Hugh Ross, ’n bekende astrofisikus, is daar is al meer as 10 000 sterrestelsels deur die Hubble teleskoop waargeneem met ’n verdere geskatte meer as 200 miljard sterrestelsels in die heelal. Hierdie 200 miljard sterrestelsels bevat ’n gemiddeld van sowat 200 miljard sterre elk. Die totale aantal sterre in hierdie sterrestelsels beloop dus ongeveer 40 biljoen-triljoen en dit is sonder die geraamde 10 biljoen-triljoen sterre wat in die onwaarneembare dwergsterrestelsels voorkom. Dus maak sowat 50 biljoen-triljoen sterre hul tuiste in die waarneembare heelal. Die afstand tussen sterrestelsels is verder ook ongelooflik groot. Dit neem ligjare vir lig om van een ster na ’n ander te skyn. Hierdie enorme afstande beklemtoon die onmeetlike omvang van die heelal en die ondenkbare afmetings daarvan. Dit alles is verbysterend. As ons na die sterre kyk laat dit ons nederig besef hoe klein ons is in vergelyking met die onmeetlike ruimte van die heelal. Dink nou aan hoe groot dié God is wat dit alles geskep het. Hoe

het God dit alles gemaak. Salomo het in sy besonderse wysheid verklaar: "Die Here self het die aarde gegrondves met wysheid, die hemel gevestig met verstand" (Spr.3:19, 2020). Die Bybel sê verder dat God met Sy hande die hemele geskep[8], dit met Sy hande uitgestrek het[9]en met die Gees van Sy mond al die sterre in die hemel geplaas.[10] In Psalm 147:4 lees ons dat God die getal van die sterre ken en aan hulle almal name gegee het. Dit beklemtoon die persoonlike interaksie van God met elke deel van Sy skepping, insluitend die onmeetbare getal sterre. Die idee dat God nie net bewus is van hierdie hemelse liggame nie, maar ook elkeen van hulle individueel ken, is 'n inspirasie wat diepte gee aan ons bewondering vir die grootheid van God. God het nie net die sterre geskep om die nag te verlig nie; hulle is ook daar om ons te herinner aan Sy ewige getrouheid en mag. Elke ster aan die hemel is deel van God se skepping en deel van Sy meesterplan. Hulle getuig van Sy heerlikheid en wysheid. Laat ons nie net die sterre bewonder nie, maar laat ons ook ons harte na die Skepper van die sterre rig. In die Psalms lees ons: "Loof Hom, son en maan; loof Hom, al die helder sterre! Loof Hom, hoogste hemele en die water wat bo die hemelkoepel is! Laat hulle die Naam van die Here loof, want dit is Hy wat bevel gegee het – en hulle is geskape. Hy het hulle gevestig vir altyd, vir ewig. Hy het 'n vaste orde bepaal wat nie verbygaan nie" Psalm 148:4-5, 2020

---

[8] Heb.9:8

[9] Jes.40:22; Job.9:8

[10] Ps.33:6

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Psalm 8:2-6 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"Here, ons Heer, hoe magtig is U Naam oor die hele aarde, U wat U luister bo die hemelruim vestig. Deur die mond van kleuters en suigelinge het U mag gevestig, vanweë U teenstanders, om vyande en wraakgieriges stil te maak. Wanneer ek na U hemelruim kyk, die werk van U vingers, die maan en die sterre wat U gevestig het – wat is 'n mens dan dat U aan hom dink, 'n mensekind dat U aan hom aandag skenk? U het hom net minder as 'n hemelse wese gemaak; U het hom met eer en majesteit gekroon", 2020

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

## Dag 4: God het die aarde gegee

*The more I study nature, the more I stand amazed at the work of the Creator. Science brings men nearer to God. - Louis Pasteur*

God se skepping is 'n uitdrukking van Sy oneindige kreatiwiteit. Elke blom, elke dier, die mens en elke element van die natuur is 'n deel van God se meesterstuk. Die aarde is 'n tuin van wonders, 'n toneel van Sy goddelike kunswerke. Hy het ook verskillende spesies diere geskape, nie as die nagevolg van die mens nie; hulle is 'n uitdrukking van God se kreatiewe liefde en wysheid. Elke diersoort, van die majestueuse leeus tot die kleinste insekte, is deel van God se volmaakte plan. Diere bring nie net skoonheid in die wêreld nie, maar hulle vervul ook 'n belangrike rol in die ekosisteem. In die Bybel sê Job vir sy vriend Sofar: "Maar gaan vra gerus die diere – hulle sal jou leer en die voëls van die hemel hulle sal jou inlig. Of gaan kla by die aarde, wat jou sal leer; die visse van die see sal jou vertel. Wie onder hulle almal weet nie dat die hand van die Here dit gedoen het nie?" (Job 12:7-10, 2020). Die mens, is die hoogtepunt van God se skepping, uniek in sy vermoë om te dink, te voel, beweeg en te aanbid.[11] God het die mens geskep na Sy beeld, met 'n doel en 'n roeping om Sy liefde en heerskappy op die aarde te weerspieël.[12] Elke deel van die wêreld is deur God se hand gevorm en ons is genooi om met eerbied na hierdie geskenke van die Skepper te kyk. Die skepping is 'n getuienis van God se liefde, Sy

[11] Ps.8:4-5

[12] Gen.1:28

wysheid en Sy voortdurende sorg vir alles wat Hy gemaak het. Dit is uiteindelik 'n verbysterende misterie wat die menslike verstand te bowe gaan. As ons daarna kyk, word ons geroep tot verwondering en aanbidding. Verder ontstaan daar ook dan 'n diep besef van nederigheid en 'n verantwoordelikheid om sorg te dra vir die geskenk van die aarde. In elke sonsondergang, elke bergpiek en elke sagte bries voel ons die teenwoordigheid van die Skepper wat Sy liefde vir ons uitstort.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Spreuke 30:4 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"Wie kan na die hemel toe gaan en van daar af ondertoe kom? Wie kan die wind in Sy twee hande vashou? Wie kan die waters in Sy jas toedraai? Wie het die wye wêreld gemaak? Wat is Sy naam? En die naam van Sy seun? Sê tog as jy dit weet!" (NLV)

________________________________________
________________________________________
________________________________________

## Dag 5: God gee lewe

*God used beautiful mathematics in creating the world. - Paul Dirac*

Daar is ’n diep waarheid wat deur die eeue heen deur gelowiges bely word dat God die bron is van lewe! Die Bybel bevestig ook hierdie geloof in baie verse. Genesis 2:7 sê byvoorbeeld dat nadat God ’n menslike liggaam uit die stof van die aarde gevorm en die asem van die lewe daarin geblaas het, het dit ’n lewende wese, die mens, geword. Net so sê Job 33:4 dat “Die Gees van God het my gemaak, die asem van die Almagtige gee my lewe” (NLV). Handelinge 17:25 sê ook dat God aan alle mense lewe en asem gee. Hierdie konsep van God as die bron van lewe strek verder as slegs die fisiese bestaan. Dit omvat ook die essensie van ons bestaan naamlik ’n betekenisvolle lewe. God as die bron van lewe is ook die lewenskrag wat alles in stand hou. God se lewenskrag manifesteer daarom nie net in die hartklop en ingewikkelde prosesse van die liggaam van die mens nie, maar ook in die vreugde en betekenis wat Hy aan ons lewens toevoeg. In Hom vind ons die oorsprong en die voortsetting van ons bestaan. Dit is nie slegs ’n biologiese realiteit nie, maar ’n spirituele waarheid wat die kern van ons menswees definieer. Die menslike siel, geskep na Sy beeld, het ’n inherente verlange na ’n dieper betekenis van lewe en hierin vind ons vervulling deur ons verhouding met die Almagtige Een. In God vind ons nie net lewe nie, maar lewe in oorvloed. Sy liefde is ’n fontein wat vloei met genade, hoop en doel. Dit is in hierdie verhouding met die Skepper dat ons die volheid van lewe ervaar waar elke dag ’n geleentheid is om nader aan Hom te

beweeg. In die erkenning van God se voortdurende gawe van lewe, ontstaan 'n gesindheid van dankbaarheid wat ons lei om met 'n diep waardering na elke dag van ons bestaan te kyk. Ons lewens word sodoende 'n loflied, 'n viering van die genade en liefde van God wat ons die geleentheid gee om te leef en lief te hê. Mag ons harte oop wees vir die bewustheid van God se teenwoordigheid as die bron van lewe. Mag ons elke dag besef dat elke asemhaling genade is en elke oomblik 'n geskenk van God se goedheid. Die besef dat God die bron van ware lewe is, motiveer ons om by Hom 'n betekenisvolle lewe soek, 'n lewe wat gevul is met liefde, betekenis en ewigheid.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Psalm 36:7-11 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"U hou alles wat leef styf in U hand vas. Elke mens, elke dier leef uit U goedheid. God, niemand kan sonder U goedheid leef nie. U pas almal op wat by U kom wegkruip. U liefde vloei soos 'n rivier oor ons hele lewe. U gee vir ons meer as wat ons nodig het. U is baie goed vir ons. U is ons lewe. U is die lig wat ons lewenspad verlig. God, U moet asseblief nooit ophou om lief te wees vir al U kinders nie, dié mense wat U as God erken en reg voor U lewe." (DB)

## Dag 6: God gee aan die mens die gawe van 'n vrye wil

*'n Universele paradoks: jy is vry om te kies, maar jy is nie vry van die gevolg van jou keuse nie. - Onbekend*

In die verhaal van Adam en Eva in die Tuin van Eden, sien ons hoe God die mens die vryheid gee om te kies tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid. Hy het vir Adam gesê: "Jy is welkom om van al die bome in die tuin te eet. Daar is egter een boom waarvan jy nooit mag eet nie. Dit is die boom wat kennis gee van goed en kwaad. Die oomblik dat jy daarvan eet, word jou bestemming die dood" (Gen. 2:16-17, DB). Hierdie vryheid bring die moontlikheid van risiko deur verkeerde keuses, maar dit is die prys van 'n ware vrye wil. Die vermoë om selfstandig te dink, te besluit en te handel maak dit verder moontlik vir die mens om in 'n verhouding met God te staan. Dit is in hierdie vryheid dat die mens sy geestelike identiteit ontdek. Die Bybel beklemtoon herhaaldelik die belangrikheid van vrye wil in die mens se verhouding met God. In Deuteronomium 30:19 sê God: "Ek hou vandag die hemel en die aarde teen julle as getuies. Ek het vir julle die lewe en die dood, die seën en die vloek voorgehou; kies dan die lewe, sodat jy en jou nageslag mag lewe." Hierdie vers verduidelik dat God nie alleen ons lot bepaal nie, maar dat Hy ons die vryheid gee om te kies tussen die pad van die lewe en die pad van die dood. Die geskenk van vrye wil is 'n uitdrukking van God se liefde vir elke mens. Dit is deur vrye wil dat die mens nie net 'n bewustheid van God het nie, maar ook die vryheid om te reageer op God se liefde. Die vermoë om te kies, te leer en te groei is 'n kosbare gawe

wat die mens uitnooi tot 'n dieper en meer sinvolle verhouding met die Skepper. Die waarheid beklemtoon die belangrikheid daarvan dat ons reg kies. In dié sin is lewe en die dood te vind in die uitoefening van ons keuses.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Josua 24:15 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"As julle nie die Here wil aanbid nie, moet julle vandag vir julleself besluit wie julle dan wil aanbid. Is dit die gode wat julle voorouers anderkant die Eufraat gedien het, of is dit die gode van die Amoriete in wie se land julle nou woon? Ek en my huisgesin sal die Here aanbid" (NLV)

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

## Dag 7: Outeur van goedheid

*God is goed, nie oor die wonderlike nie, maar andersom, die wonderlike is, want God is goed. - Kirk Manton*

Die goedheid van God is nie beperk tot spesifieke oomblikke of situasies nie; dit is 'n konstante eienskap van God se karakter. Die Bybel vertel die geskiedenis van God se goedheid, van die skepping in die Genesis-verhaal tot aan die einde van die Openbaring boek. God se goedheid word eerstens geopenbaar in Sy skepping. Elke aspek van die natuur, elke sonsondergang, elke blom, is 'n getuigskrif van God se liefde en sorg. Hierdie pragtige skepping is nie net 'n toevallige samevloeiing van gebeure nie, maar 'n uiting van God se welwillendheid.

Die goedheid van God manifesteer ook in Sy verhouding met mense. Ons sien Hom aan die begin nie net lewe en heerskappy aan die mens skenk oor die lewe nie, maar ook genade bewys wanneer die mens Hom teleurstel. Ons sien in die geskiedenis dat God gunstige tye, beloftes en verbonde gee wanneer die mens weens sy sondige natuur teleurstel, maar elke keer gee God weer genade. Die grootste bewys van God se goedheid kom deur die genade van Jesus Christus. Sy koms na die wêreld, Sy onderrig, Sy liefde en uiteindelik Sy opoffering aan die kruis, is 'n uiting van die uiterste vorm van goedheid. In tye van beproewing en smart, skyn God se goedheid helderste in die donkerste uur. Hy is 'n God wat met ons wandel, ons liefhet en ondersteun, ongeag van ons omstandighede.

In die besef van God se goedheid kan ons harte nie anders as om met dankbaarheid oor te loop nie. Elke dag is 'n geskenk, 'n bewys van God se goedheid wat ons oorvloedig seën. Hoe kan ons reageer op die bewustheid van die goedheid van die Here? Danksegging is die eerste reaksie van 'n persoon wat besef God is goed. Izaak Walton stel die voordeel van danksegging duidelik: "God has two dwellings; one in heaven, and the other in a meek and thankful heart". Ons behoort Hom te aanbid wat altyd goed is want dit is waar Hy woon!

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Psalm 100:4-5 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"Luister mooi, die Here is 'n goeie God! Hy sal ons wat in Hom glo, nooit ophou liefhê nie. Hy is 'n goeie God, nou en vir altyd!" (DB)

## Dag 8: God voorsien

*God voorsien idees, metodes en ervarings wat bedoel is om begrip aan die mens te bring, 'n verstaanbare hart en 'n bewuste lewe.- Jacob Needleman*

God was van die begin af die een wat voorsien het. Hy het die diereryk en mense afhanklik van voeding geskape. Daarom dat ons in Genesis lees "En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet" (Gen.2:9, OAV). As ons na die natuur kyk, sien ons God se voorsiening in die skoonheid van die veldblomme wat Hy versier en die voëls van die lug wat Hy voed.[13] Hy het ook voorsiening gemaak vir die feit dat die mens stof is en aan die mens toegang gegee tot die boom van die lewe in die middel van die tuin.[14] In Matteus 6:26 sê Jesus: "Kyk na die voëls van die lug, hulle saai nie en hulle oes nie en hulle gaar nie op in skure nie; en julle hemelse Vader voed hulle; is julle nie baie meer werd as hulle nie?" Hierdie vers herinner ons daaraan dat as God vir die voëls sorg, hoeveel te meer sorg Hy nie vir ons nie. Hy ken ons behoeftes en beloof om daarin te voorsien. Ons kan ons sorge na Hom toe bring, omdat Hy omgee vir elke aspek van ons lewens. Ons sien hoe Hy na die sondeval aan Adam en Eva 'n belofte van saligheid maak wat Hy gaan voorsien deur die versoeningsdood van Sy Seun.[15] Hy is die een wat aan

[13] Mat.6:28

[14] Gen.2:9; Ps.103:14

[15] Gen.3:15

Noag 'n belofte van redding in die Ark gee waardeur hy en sy gesin gered kan word.[16] Ons weet dat Hy vir Abraham, Isak, Jakob en Josef voorsien het. Hy voorsien aan Moses die wet en die offerande sisteem waardeur mense God kan benader. Laat ons ook nie vergeet dat God se voorsiening nie net fisies is nie. Hy voorsien aan ons Sy genade, vergifnis en liefde. En so voorsien God, beloftes, redding, verlossers, konings en uiteindelik Sy Seun om die redder van die wêreld te raak. God bly die een wat voorsien! Miskien het jy iets nodig waarin jy God vertrou om te voorsien. Vertrou die Here vandag daarvoor!

*Bedink die volgende skrifgedeelte en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk" 2 Korintiërs 9:8, OAV

________________________________________
________________________________________
________________________________________

[16] Gen.6:4

## Dag 9: God gee ’n offer aan Abraham

*Waar God lei, voorsien Hy. - Billy Graham*

God openbaar Sy wil vir Abraham in Genesis 22. God beveel hom om Isak, die seun van belofte, te neem en bo-op die berg te offer: “Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys” (Gen.22:2, OAV). Vir Abraham was hierdie waarskynlik een van die moeilikste dinge wat hy moes doen. Dit moes ’n verskriklike skok vir hom gewees het. Dink jou dit in, dit moes waarskynlik die laaste ding wees wat Abraham verwag het, dat God hom gaan vra om Sy eie seun te offer. Wat Abraham nie kon geweet het nie, was dat hierdie ’n toets was van sy liefde en gehoorsaamheid aan God. Uiteindelik deel die Bybel nie met ons alles wat Abraham gevoel het nie, maar maak dit duidelik dat Abraham gedoen het soos wat God beveel het. Hy het nie sy seun, sy enigste, van God teruggehou nie. Hy het uiteindelik die toets geslaag deur te bewys dat hy niemand of niks bo God stel nie. Daarom het God hom erken: en sê: “Ek sweer by Myself, spreek die HERE, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van Sy vyande in besit neem” (Gen.22:16-17). God het toe ’n ram voorsien om in die plek van Isak geoffer te word. Abraham

het die plek genoem "Die HERE sal voorsien!" (Gen. 22: 14). In die Hebreeuse taal het hierdie woorde een van die name van God geword "Jehovah Jireh". Hierdie naam kom voor in liedere wat ons sing in die kerk en ook op ons lippe in krisis tye. Die naam beklemtoon dat God altyd op die plek van ons behoefte sal voorsien wanneer ons Hom in gehoorsaamheid volg.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Filippense 4:19 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"En my God sal ruimskoots in al julle behoeftes voorsien, in ooreenstemming met Sy heerlike rykdom in Christus Jesus", 2020

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

## Dag 10: God gee sonder om iets terug te verwag

*Hy het uitgedeel en gegee aan die armes; Sy goedhartigheid bly vir altyd staan.- Paulus (2 Kor.9:9)*

God se aard as 'n onvoorwaardelike gewer is een van die mees indrukwekkende aspekte van Sy karakter. In 'n wêreld waar die meeste gawes gekoppel is aan prestasie skyn God se liefde en genade met 'n onvoorwaardelike lig. Hierdie eienskap van God as onvoorwaardelike gewer is 'n kenmerkende eienskap van God se karakter wat deur die eeue heen die harte van gelowiges aangeraak het. Hierdie onvoorwaardelike gee is 'n bron van troos, hoop en inspirasie vir mense regoor die wêreld. Die eienskap of karaktertrek vind sy wortels in die kern van God se liefde. God se liefde is nie beperk tot diegene wat dit verdien nie, maar vloei oor na almal, ongeag van hul prestasies, verdienstes of tekortkominge. Dit is 'n liefde wat nie beperk word deur menslike maatstawwe nie, maar eerder verbreed word deur die onmeetlike genade van die Skepper. Die Bybel is vol van getuienisse van God as onvoorwaardelike gewer. Een van die mees bekende verse, Matteus 5:45, getuig hiervan: "... want Hy laat Sy son opgaan oor slegtes en goeies en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges." Die onvoorwaardelike gee van God manifesteer ook in ons daaglikse lewens. Elke asemhaling, elke sonstraal, elke oomblik van vreugde is 'n getuienis van God se genadige gawes sonder om iets terug te vra. Selfs in tye van moeilikheid, verlaat God ons nie; Sy liefde en genade bly onveranderlik.

Uiteindelik sien ons Sy onvoorwaardelike liefde die duidelikste in God se gewilligheid om Sy grootste geskenk, Jesus Christus, aan die wêreld te gee sonder om iets terug te verwag:"... maar God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was"(Rom.5:8). Hierdie onvoorwaardelike liefde weerspieël God se karakter en gee uitdrukking aan die kern van ons geloof. Ons bewustheid van God as die grootste onvoorwaardelike gewer moet 'n bron van dankbaarheid, aanbidding en inspirasie wees. As gelowiges word ons genooi om hierdie voorbeeld van onvoorwaardelike gee na te volg deur 'n lewe van liefde en diens teenoor ander. Mag ons harte oop wees vir die volheid van God se liefde en mag ons lewens 'n getuienis wees van hierdie onmeetbare genade deurdat ons liefde aan ons medemens betoon.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Romeine 5:6 -10 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe ... God bewys Sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in Sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.", OAV

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## Dag 11: God gee die ewige lewe

*If we discover a desire within us that nothing in this world can satisfy, we should also begin to wonder if perhaps we were created for another world. - C.S. Lewis*

Ons kultuur is behep met ’n lang lewe. Alhoewel dit natuurlik is om ’n lang lewe op aarde te begeer, moet ons onsself herinner dat die lewe nie met fisiese dood hoef te eindig nie. Die groter werklikheid wat binne reikafstand van elke mens is, is ’n ewige bestemming. Wanneer Jesus sê: “En Ek gee hulle die ewige lewe en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie en niemand sal hulle uit my hand ruk nie” (Joh.10:28, OAV), bedoel Hy dat daar twee ewige bestemmings is. Die een is die ewige lewe, wat kom na diegene wat Sy stem hoor en Hom volg. Die ander is die ewige straf, wat kom by diegene wat Sy stem weier en hul eie gang gaan. Hy het in Matteus 25:31-32, 41 gesê: “Wanneer die Seun van die Mens in Sy heerlikheid kom en al Sy engele saam met Hom, sal Hy op Sy koninklike troon gaan sit. Al die nasies sal voor Hom bymekaargebring word en Hy sal hulle van mekaar skei soos ’n skaapwagter die skape van die bokke skei. Hy sal die skape aan Sy regterkant laat staan en die bokke aan Sy linkerkant. Daarop sal die Koning vir dié aan Sy regterkant sê: ‘Kom julle, want my Vader het julle geseën. Kom ontvang julle erfenis – die koninkryk wat My Vader reeds van voor die begin van die wêreld af vir julle gereedgemaak het... Dan sal die Koning vir dié aan Sy linkerkant sê: ‘Gaan weg van

My af, want God het julle vervloek! Gaan na die ewige vuur wat gereedgemaak is vir die duiwel en Sy bose engele!"

Daar is net een manier om te verseker dat ons die ewige lewe bereik, ons moet ons hopelose, sondige toestand erken, ons deur geloof tot Jesus Christus bekeer en vergifnis van sondes en die gawe van die ewige lewe ontvang. Diegene wat dit doen, kan die ewigheid deurbring in die teenwoordigheid van die Here, waar daar vir ewig volheid van vreugde en genot is.[17] Diegene wat God se aanbod van verlossing verwerp, ly onder die verskriklike lot van straf in die hel en algehele skeiding van die lewende God. Na die dood is daar geen genade of genade wat die gaping tussen die hel en die hemel kan oorbrug nie. Die saak moet afgehandel word terwyl ons op aarde lewe.[18] Ons weet vanuit die Skrif dat die ewige lewe onherroeplik aan die persoon van Jesus Christus gekoppel is. Soos die Apostel Johannes geskryf het: "Wie die Seun het, het die lewe" (1 Joh. 5:12). Om 'n gesonde ouderdom te bereik is 'n goeie doelwit, maar die grootste betekenisvolle doel is om die Verlosser en die gawe van die ewigheid te ontvang.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Psalm 139:23-24 en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

---

[17] Psalm 16:11

[18] Matt 25:45-46; Hebreërs 9:27

"Deursoek my, o God en ken my hart; toets my en ken my onrustige gemoed. Kyk of daar enige sondige neiging by my is en lei my op die ewige pad", NLV

## Dag 12: God gee eindelose genade

*Ek verstaan glad nie die misterie van genade nie – net dat dit ons ontmoet waar ons is, maar ons nie laat staan waar dit ons gevind het nie.*
*- Anne Lamott*

Wanneer ons ernstig dink aan God wat genade aan ons gee en hoe dit ons lewens raak, sal dit ons lewens transformeer. Genade, is nie iets wat vanselfsprekend is in jou lewe nie, jy ontvang dit net in die mate waarin jy dit begeer. Genade, verkondig twee belangrike waarhede naamlik God se toewyding aan die mens en sy optrede ten bate van die mens. Wanneer ons die spoor van genade volg, lei dit ons eerstens na die hart van die Skepper. In God se hart sien ons gevoelens ten opsigte van die mens. Die Skepper is vol genade, wat die mens met sorg skep en intens belangstel. Hy is ’n persoonlike God wat die mens in die tuin besoek en met hulle wandel.[19] Hy gee die opdrag in die tuin nie om die mens te beperk nie, maar om pyn en lyding te voorkom.[20] Hy dink aan die mens en is jammer vir die mens.[21] God beskou elke mens se lewe as baie waardevol en droom dat die mens ’n toekoms van vrede en oorvloed sal geniet.[22] Verder het God ons nie net op ’n afstand lief nie, maar is iemand wat uit genade aksie neem vir die mens. Toe dinge skeef loop in die tuin van Eden het Hy die eerste mense nie aan hulself

[19] Gen.3:8

[20] Gen.2:16-17

[21] Ps.139:17

[22] Jes. 43:1-2; Jer.29:11

oorgelaat nie, maar na hulle gesoek.[23] Regdeur die geskiedenis sien ons God opdragte gee, met die mens praat en die mens besoek omdat Hy 'n verskil wil maak aan die kwaliteit van menslike bestaan. God se grootste beweging van genade word sigbaar deur Jesus Christus wat Hy gestuur het. God het van Genesis af deur verskeie verbonde voorsien vir genade. Al die verbonde was beperk maar Jesus was die oorvloed van God se genade. Hoe voel jy wanneer jy na Jesus kyk en besef dit is die bewys daarvan dat God genade vir jou het?

*Bedink die volgende skrifgedeelte en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"Die Een wat van die heel begin af bestaan het, is die Een wat ons gehoor en met ons eie oë gesien het. Ons het Hom aandagtig waargeneem en Hom met ons hande aangeraak. Dit gaan oor die Woord wat lewe gee. Dié lewe het sigbaar verskyn en ons het dit gesien en getuig daarvan en deel dit aan julle mee – dit is die ewige lewe wat by die Vader was, maar nou aan ons bekendgemaak is." 1 Joh.1:1-3, NLV

____________________________________________
____________________________________________
____________________________________________

[23] Gen.3:9

## Dag 13: Wysheid God se groot geskenk

*Enige dwaas kan weet. Die punt is om te verstaan. Albert Einstein*

Wysheid is 'n konsep wat diep gewortel is in die menslike psige en deur die eeue heen ondergesoek is deur filosowe, geestelike leiers, geleerders en benodig word deur elke mens op aarde. Wysheid gaan verder as intelligensie en inligting maar gaan oor die regte insig om inligting doeltreffend toe te pas. Dit is uiteindelik 'n kombinasie van kennis, onderskeiding en 'n diep begrip van die lewe en Sy uitdagings. Salomo die koning van Israel was bekend vir Sy goddelike wysheid, skryf die volgende oor wysheid: “Wysheid is baie meer werd as edelstene. Daar is niks wat jy kan begeer wat teen wysheid kan opweeg nie” (Spr. 8:10-11,NLV). Elke mens op aarde het 'n diep behoefte aan wysheid maar waar kry ons dit? By die bron van wysheid. In Babilon ten tye van ballingskap loof Daniel die Here met die woorde: “Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid, want die wysheid en die krag is Syne” (Dan.2:20). By implikasie beteken die woorde dat die Here die outeur, die bron en die voleinder van wysheid is, wat reg deur die Bybel bevestig word. Die Bybel herinner ons herhaaldelik dat God die oorsprong van ware wysheid is en dat dit iets is wat Hy gee. Salomo sê "Want die Here gee wysheid, uit Sy mond kom kennis en verstand” (Spr. 2:6). Hierdie vers beklemtoon dat God die bron is van ware wysheid en in die tweede plek dat God bereid is om dit met die mens te deel. Dit beteken dat elke mens God se wysheid kan ontvang. Omdat God die bron van wysheid is, moet die mens wat wysheid begeer voor God neerbuig. Die Bybel is duidelik hieroor: “Wysheid begin

daar waar daar ontsag vir die Here is. Hy wat die heilige God ken, het werklik insig" (Spr. 9:10). In die tweede plek verkry ons wysheid omdat ons dit van God bid. Jakobus een van die prominente leiers van die Jerusalem gemeente van die eerste kerk kon dit nie duideliker gestel het nie: "Vra vir God as dit nie vir jou duidelik is wat Hy wil hê jy moet doen. Hy sal jou eenvoudig daardie wysheid gee en jou nie verwyt dat jy dit gevra het nie" (Jak.1:5, NLV). Uit die skrif word dit duidelik dat God ons uitnooi om te vra en dat Hy meer as gewillig is om ons te help. Op 'n praktiese vlak beteken dit om in elke besluit waar ons nie weet wat om te doen nie, na die Here toe te bring en vir hulp te vra (Spr.3:5-6).

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Jakobus 1:6-7 waar Jakobus verder oor wysheid praat en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"Maar, as 'n mens bid, moet hy die vertroue hê dat God sal antwoord, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind heen en weer gedryf word. So iemand kan mos nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie. 8 Hy is iemand wat nie tot 'n besluit kan kom nie; op so iemand kan jy nie peil trek nie" (NLV)

## Dag 14: Die Heilige Gees, God se grootste gawe

*Sonder die Gees van God kan ons niks doen nie. Ons is soos skepe sonder wind. Ons is nutteloos. - Charles Spurgeon*

Toe Jesus vir Sy dissipels gesê het dat Hy hulle gaan verlaat was hulle hartseer en bang. Wat sou hulle doen sonder Hom? As ek myself in hul posisie voorstel sou ek verlore gevoel het nadat die kragtige teenwoordigheid van God deur Jesus se bediening ervaarbaar was. Jesus maak dadelik 'n belofte "Laat Ek julle egter die waarheid vertel: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Raadgewer, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie. As Ek egter weggaan, sal Ek die Raadgewer na julle toe stuur" (Joh.16:7, NLV). Jesus belowe die gawe van die Heilige Gees wat Hy aan elke gelowige gaan gee. Die Heilige Gees is die derde Persoon van die Goddelike Drie-Eenheid en God se grootste gawe wat Hy begeer om aan elke persoon te gee. Jesus het aan Sy dissipels verskeie beloftes gemaak oor die Heilige Gees wat die Vader vir gelowiges sal gee na Sy Hemelvaart.[24] Jesus het selfs daarop aangedring dat die dissipels eers die Heilige Gees moet ontvang voordat hulle enige iets verder probeer doen.[25] Na die uitstorting van die Heilige Gees het Petrus God se belofte beklemtoon dat God die Heilige Gees sal uitstort op elke mens.[26] Reg deur die geskiedenis het ons gesien hoe mense die Heilige Gees begeer en ontvang

[24] Joh.14:16; 14:26; 15:26; 16:7

[25] Hand.1:4

[26] Hand.2:17

het, nadat hulle daarvoor gebid het.[27] Onmiddellik wanneer persone die Heilige Gees ontvang het, was dit 'n ingrypende ervaring wat hul lewe beïnvloed en verander het en 'n rewolusie in die wêreld veroorsaak het. Die hele verhaal van die Bybelboek Handelinge vertel vir ons wat gebeur wanneer mense die Heilige Gees van God ontvang. Daarom was dit een van die groot konfronterende vrae van die eerste gelowiges of mense die Heilige Gees van God ontvang het. Paulus se vraag in die antieke stad Efese is 'n voorbeeld: "Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?" (Hand.19:2, OAV). Dit was vir hom duidelik dat die mense in hulle eie vermoë probeer funksioneer het sonder die krag van God. Ons het almal hulp en krag nodig in die lewe en dit is onder andere die doel en taak van die Heilige Gees. Die belangrikste vraag vandag vir jou is: Het jy die Heilige Gees al ontvang? Jy kan in 'n oomblik van tyd die ervaring van die vervulling met God se Heilige Gees ervaar!

*Bedink die volgende skrifgedeelte en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom aanbid?" Luk.11:13, OAV

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

[27] Hand.8:15-17;10:44;19:6

## Dag 15: Die doel van God se grootste gawe

*Wanneer ons bid vir die Heilige Gees se hulp is dit om in ons swakheid by die Here se voete neer te val. Daar sal ons die oorwinning en krag vind wat uit Sy liefde kom. - Andrew Murray*

Die lys van die moontlikhede wat kan plaasvind wanneer iemand die Heilige Gees ontvang is byna oneindig. Die Heilige Gees kan 'n hulp wees vir iemand wat hulp nodig het, krag gee vir iemand wat swak is, lei wanneer iemand verlore is, onderrig wanneer iemand insig nodig het, wysheid wanneer iemand onkundig is, bemoedig wanneer iemand moedeloos is, ensovoorts.[28] 'n Ander rede is om 'n intieme en lewende verhouding tussen die gelowige en God te bewerkstellig.[29] Die Heilige Gees help ons om te verstaan wie God is en hoe die Bybel op ons lewe van toepassing is.[30] Dit help 'n gelowige op die pad van geestelike groei en heiligmaking. 'n Volgende rede is sodat alle gelowiges ten alle tye Christus se teenwoordigheid by hulle kan hê.[31] Jesus se fisiese teenwoordigheid op aarde was beperk tot een plek op 'n slag. Nou het ons ten alle tye die seën van Sy teenwoordigheid by ons! Die Heilige Gees bemagtig ons ook om die getuienis uit te leef van God se verlossingskrag in ons lewens.[32] Ons doel op aarde is om eer aan God te gee, Jesus te vergroot, die

[28] Joh.14:26

[29] Joh.15:26

[30] Rom.8:13

[31] Joh.16:14

[32] Hand.1:8

evangelie te verkondig en die Heilige Gees gee ons krag om dit te doen.[33] Ons kan nog tientalle redes opnoem hoekom die Heilige Gees een van die belangrikste geskenke is wat 'n mens van God kan ontvang. Uiteindelik is die Heilige Gees tot beskikking van elke persoon wat daarvoor vra. In Lukas 11:11 sê Jesus "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Romeine 15:13 en skryf wat dit vir jou beteken:*

"Ek bid dat dié God wat aan ons 'n toekomsverwagting gee, deur die geloof julle lewens met blydskap en vrede sal vul. Ja, mag julle lewens tot oorlopens toe vol verwagting word deur die kragtige werking van die Heilige Gees" (NLV)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

[33] Hand.1:8

## Dag 16: God gee aan ons die Gawes van die Heilige Gees

*Jesus gee vir ons die gawe van die Heilige Gees, maar wanneer die Gees kom, is Hy vol gawes! Hy begeer om baie meer in ons en deur ons vry te stel as wat ons ooit kon dink. Hierdie gawes word gegee om uit te deel en nie om op te gaar nie. Ons ontvang om ander te help. - Jack W. Hayford*

Een van die wonderlike gevolge van die vervulling met die Heilige Gees is dat die Heilige Gees aan gelowiges gawes gee. Vir my is die gawes van die Heilige Gees, God se wonderwerkende krag deur mense. Die gawes van die Heilige Gees maak dit vir ons moontlik om by God se groot sending na die wêreld aan te sluit. Die gawes word hoofsaaklik beskryf in die Nuwe Testament in 1 Korintiërs 12, Romeine 12, Efesiërs 4 en 1 Petrus 4:10-19. Die gawes kom ooreen met natuurlike vermoëns maar is uiteindelik 'n bonatuurlike vermoë in die lewe van die gelowige. Hierdie gawes is 'n besondere uitdrukking van God se liefde, wysheid en genade teenoor die gelowiges. Een van die belangrike skrifverwysings oor die Gawes van die Heilige Gees is te vind in 1 Korintiërs 12:4-6: 4: "Daar is 'n hele verskeidenheid geestelike gawes en tog kom hulle van dieselfde Gees. Daar is 'n hele verskeidenheid bedieninge, maar ons dien dieselfde Here. Daar is talle aktiwiteite in die gemeente, maar dit is dieselfde God wat al hierdie dinge kragtig in ons almal aktiveer". God gee hierdie gawes nie slegs vir 'n persoon se voordeel nie, maar vir die opbou van die gemeente en om 'n wêreld te verander. Elke gelowige het 'n unieke rol om te speel in die

liggaam van Christus en die Gawes van die Heilige Gees maak dit moontlik vir elkeen om sy of haar roeping en doel te vervul. 'n Voorwaarde om die gawes van die Heilige Gees te ontvang, is 'n aktiewe verhouding met God deur gebed, bybelstudie en 'n bereidwilligheid om die leiding van die Heilige Gees te volg. Dit is deur die werk van die Heilige Gees dat gelowiges toegerus word om die liefde en krag van God aan die wêreld bekend te maak. As gelowiges stel ons onsself beskikbaar vir die gebruik van hierdie gawes deur 'n gesindheid van nederigheid, diensbaarheid en gehoorsaamheid aan God se wil. Dit is gevolglik belangrik vir elke gelowige om na die gawes te soek en te beoefen.

*Bedink die volgende skrifgedeelte en skryf jou gedagtes daaroor neer:*

"Lê julle toe op die liefde. Bly egter ook entoesiasties oor die gawes van die Gees, veral oor die gawe om te profeteer. As jy in tale praat, rig jy jou nie tot mense nie, maar tot God, want mense sal jou nie verstaan nie. Deur die werking van die Gees praat jy immers diep en onbegryplike dinge. Maar as jy profeteer, bou jou woorde mense op en bemoedig en vertroos hulle" 1Kor.14:1-3, NLV

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 17: God gee vertroosting in tye van lyding

*Die Here is naby dié wat hartseer is. Hy help hulle wat geestelik stukkend is. Dawid (Ps.34:19)*

Ons lewens op hierdie aarde is dikwels gevul met uitdagings, beproewings en lyding, maar die goeie nuus is dat ons 'n God dien wat vertroosting kan gee in tye van nood. God is 'n God van vertroosting en is altyd barmhartig en bereid om Sy kinders te help deur moeilike tye.[34] Hy is nie ongevoelig vir menslike pyn nie, maar eerder 'n liefdevolle Vader wat na Sy kinders luister en hulle bystaan in hulle swaarkry. As ons na die lewe van Jesus kyk, sien ons ook 'n voorbeeld van vertroosting in lyding. Hy het nie net gekom om ons te red nie, maar ook om deel te hê aan ons menslike ervarings, insluitend pyn en lyding. In Hebreërs 4:15 lees ons: "Hierdie Hoofpriester van ons kan ten volle met ons in ons swakhede saamvoel, want Hy is in elke opsig op dieselfde manier as ons versoek, maar Hy het nie voor die sonde geswig nie" (NLV). Dit beteken dat ons 'n Verlosser dien wat ook verstaan wat dit beteken om mens te wees en deur pyn te gaan. Hy is naby aan die wat gebroke is van hart en is bereid om hulle te genees. Hy het alles oorwin en daardeur gedemonstreer dat 'n persoon lyding kan oorkom deur die krag van die Heilige Gees. Daarom het Jesus ook teruggekeer na die Vader sodat die Heilige Gees gegee kan word aan elke gelowige. Een van die duidelike take van die Heilige Gees is

[34] 2Kor. 1:3-4

om 'n trooster te wees vir elke gelowige: "En Ek sal tot die Vader bid en Hy sal aan julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees" (Joh. 14:16-17). Die belofte is vir meer as om net trane af te droog. Die woord wat Jesus gee vir trooster beteken om 'n hulp te wees in tye van nood. Die Heilige Gees as hulp is 'n bron van krag, troos en leiding in tye van swaarkry. Hy is daar om ons harte te versterk, ons te herinner aan die waarhede van die Woord van God en om ons te lei op die regte pad, selfs deur die donkerste tye.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit 2 Korintiërs 1:3-4 en skryf neer wat dit vir jou beteken:*

"In al ons swaarkry bemoedig Hy ons. Hy doen dit sodat ons ook in staat sal wees om mense in al hulle swaarkry by te staan met dieselfde bemoediging waarmee God ons versterk het. Net soos ons 'n oorvloed ontberings ter wille van Christus deurmaak, só beleef ons ook oorvloedige bemoediging deur Christus se bemiddeling" (NLV)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

## Dag 18: God gee genesing

*Maar die Son van Geregtigheid, met genesing in Sy vlerke, sal opkom vir julle wat eerbied en respek vir My het. Julle sal uitgaan en vrolik rondspring soos kalwers wat uit die kraal kom - Maleagi (Mal.4:2)*

Dawid, die groot held en koning van Israel in Ou Testamentiese tye roep uit in 'n loflied "Ek wil die Here prys en nie al Sy goeie dade vergeet nie. Hy vergewe al jou sondes en genees al jou siektes" (Ps.103:2-3, NLV). Hy is die God wat genesing aan Sy volk gee. Die demonstrasie van God se begeerte en vermoë om te genees is deur Jesus gedemonstreer deurdat Hy regdeur Sy bediening mense gesond gemaak het van verskeie siektetoestande. Ons sien dit in die Nuwe Testament gereeld raak waar 'n magdom mense Jesus gevolg het, siekes gebring en selfs mense wat deur demoniese pyniging gegaan het, wat Hy almal genees het.[35] Regdeur die Markus evangelie sien ons ook hoe Jesus mense genees het. Hy het melaatses, verlamdes, inwendige bloeding, die wat gebreke gehad het, duiwelbesetenes ens. Hierdie genesingsaktiwiteite moes die mens van daardie tyd herinner het aan God se woorde in die Ou Testament: "Ek is die HERE wat jou gesond maak" (Ex. 15:26). Dit was duidelik- God gee genesing. Hy kan jou liggaam, jou verstand en selfs jou gebroke hart genees. Daar is belangrike vrae waarmee ons elke dag gekonfronteer word. Kan God my genees of wil God my genees? Dit is een ding om te sê God kan my genees 'n ander

---

[35] Hand. 5:16

ding om te sê Hy wil en sal my genees. Onder watter omstandighede sal God genees? Een van die mooi verhale wat God se genesing mooi illustreer is die verhaal van die blinde Bartimeus in Jérigo.[36] Daar lê 'n paar sleutels tot genesing in die verhaal van Bartimeus. Toe Bartimeus hoor dat Jesus verbygaan roep Hy uit "Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!" (Mark.10:46). Hy het natuurlik van Jesus gehoor en was oortuig dat hy hom kon help. Sy geloof was nie "ek probeer maar net glo" omdat hy 'n kans geneem het op die hoop dat dit kan werk nie, maar 'n vaste vertroue in geloof. Toe die mense hom probeer stil maak het hy al hoe harder uitgeroep. Elke keer as ek die verhaal lees wonder ek hoe ons geloof met Bartimeus se geloof ooreenstem. Sy geloof het uitgeroep! Roep ons geloof ook uit vir 'n wonderwerk? In die tweede plek het hy sy kleed afgegooi toe hy Jesus se stem hom hoor roep. Dit het 'n besondere geestelike betekenis naamlik dat jy jou eie idees, selfgeregtigheid, sondige lewe ensovoorts moet afgooi en na Jesus toe draai. Wat is dit wat ons vandag moet afgooi om by Jesus te kom staan vir ons genesing? Jesus het hom toe gevra: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien" (Mark.10:51). Wat is dit wat jy van God nodig het of begeer? Maak dit nou by God bekend. Nadat die man sy geloof met betrekking tot God wat genesing gee, gewys het, het Jesus dit toe duidelik gemaak dat sy geloof hom gered het en hy kon dadelik sien.

[36] Mark.10

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Jeremia 30:17 en skryf neer wat dit vir jou beteken:*

"Ek sal julle gesond maak en julle wonde genees sê die Here" (NLV)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

## Dag 19: God gee Sy ewige onveranderlike liefde

*God is liefde - Johannes (1 Joh.4:8)*

Een sekerheid in die lewe is dat alles onseker is. Die mens op aarde is besig met 'n reis op 'n roete van onsekerheid, deur 'n landskap van onvoorspelbaarheid en verandering. Dink maar net wat al in die afgelope twee dekades in die 21ste eeu gebeur het. Regerings wat val of vervang word. Oorloë wat oornag uitbreek soos die onlangse oorloë tussen Rusland en Ukraine, Israel en die Palestyne. Ons mag beplan en voorberei, maar daar is altyd faktore buite ons beheer wat met ons paaie kruis. Veranderings in persoonlike omstandighede, ekonomiese uitdagings, gesondheidskwessies en selfs natuurrampe kan onsekerheid bring wat ons dwing om aan te pas. Dink net aan Covid-19 wat 'n ingrypende invloed op die hele wêreld vir twee jaar gehad het. Selfs in ons verhoudings word ons gekonfronteer met onsekerheid: Vriendskappe kan verander, liefde kan kom en gaan en emosionele welstand is dikwels 'n golf van hoogtes en laagtes. In al hierdie onsekerheid van ons bestaan is die een ding waarvan ons seker kan wees: God se liefde vir ewig en onveranderlik. In Psalm 136:1 lees ons: "Loof die Here, want Hy is goed, want Sy liefde is tot in ewigheid." Hierdie vers herinner ons daaraan dat God se goedheid en liefde nie veranderlik of beperk is tot tyd of omstandighede nie, maar dat dit strek tot in ewigheid. Die liefde van God is ewig omdat dit nie beperk is deur die grense van tyd nie. In Jeremia 31:3 hoor ons die woorde van die Here: "Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het

Ek jou getrek met goedertierenheid". Hier sien ons dat God se liefde sonder begin of einde is dat dit altyd daar was en sal wees. Die onveranderlikheid van God se liefde is 'n aspek wat ons nie kan ignoreer nie. In Hebreërs 13:8 lees ons: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." As Christene verstaan ons dat Jesus die volmaakte openbaring van God se liefde is en dat Sy liefde vir ons onveranderlik is.

Bedink die volgende skrifgedeelte uit 1 Johannes 4:19 en skryf neer wat dit vir jou beteken:

*"Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het"*.

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

## Dag 20: God gee die gawe van vergifnis

*Wanneer God ons sonde vergewe, verander Hy nie van gedagte oor ons nie; Hy verander ons gedagtes oor Hom. - Herbert McCabe.*

Ons lewe in ’n wêreld waarin vergifnis dikwels as ’n swakheid beskou word, maar in die oë van God is dit ’n kragtige uiting van Sy liefde en genade teenoor ons. Die Bybel sê in Psalm 103:12: "So ver as die ooste van die weste is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons." Hierdie beeld van oneindige afstand beklemtoon die onmeetlike genade van God se vergifnis. Die beginsel van vergifnis is diep gewortel in ons Christelike geloof. Ons sien dit duidelik in die gebed wat Jesus met Sy dissipels gedeel het, waar Hy sê: “... en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe” (Mat. 6:12). Hierdie gebed herinner ons daaraan dat ons nie net die genade van vergifnis ontvang nie, maar ook geroep word om dit aan ander te gee. Ons almal het al ervaar dat ons medemens iewers teen ons gesondig en ons diep verwond het. Dit voel dan asof ons nooit die persoon kan vergewe nie. God se voorbeeld van hoe Hy vergifnis aan ons skenk word ’n voorbeeld en gebod van hoe vergifnis beoefen moet word. Dit is wanneer ons besef dat ons sondige natuur en handelinge die ewige straf verdien dat ons vergifnis maklik skenk aan die wat teen ons gesondig het. C.S. Lewis het eenkeer iets pragtigs oor vergifnis gesê: “Om ’n Christen te wees, beteken om die onverskoonbare te vergewe omdat God die onverskoonbare in jou vergewe het.” Laat ons dus vandag, in die lig van God se onverdiende vergifnis diep

bewus wees van die gawe wat God aan ons bied en mag ons bereid wees om hierdie gawe van vergifnis aan ander te gee.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Kolossense 3:13 en skryf neer wat dit vir jou beteken:*

"Verdra mekaar en as enigeen 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Vergewe mekaar soos die Here julle vergewe het" (NLV)

________________________________________________________

________________________________________________________

________________________________________________________

## Dag 21: God gee sy krag in ons swakheid

*Met die krag van God in ons, hoef ons nooit die magte rondom ons te vrees nie. - Woodrow Kroll*

God gee Sy krag in ons swakheid. Dit is 'n belofte wat elkeen van ons kan omhels in tye waarin dit vir ons voel asof die omstandighede en die uitdagings van ons bestaan ons oorweldig. Die krag word gevind in Sy genade of onverdiende guns. Ons kan dit nooit verdien nie. Dit is 'n geskenk wat Hy vrylik vir ons gee, nie as gevolg van enigiets wat ons gedoen het nie, maar bloot as gevolg van wie Hy is. Die Bybel sê vir ons dat hierdie genade voldoende is. Dit is meer as genoeg. Dit maak nie saak waardeur ons gaan nie, maak nie saak hoe groot ons probleme is of hoe diep ons sondes is nie, God se genade is genoeg om dit alles moontlik te maak, maak nie saak hoe swak ons is nie. Maar wat beteken dit dat God se genade genoeg of voldoende is?

**Ons word aanvaar:** Ten spyte van ons gebreke, ons foute, ons mislukkings en ten spyte van die feit dat ons tekort skiet aanvaar God ons. Hy het ons lief net soos ons is. Ons hoef nie daarna te streef om Sy liefde of goedkeuring te verdien nie. Sy genade is genoeg om al ons tekortkominge tegemoet te kom en om ons plek in Sy familie te verseker.

**Ons word bemagtig:** God red ons nie net en laat ons op ons eie sukkel nie. Hy gee aan ons Sy genade en Sy krag en sterkte om die lewe te leef waarvoor Hy ons geroep het. Ons hoef nie op ons eie vermoëns staat te maak nie. Sy genade is

genoeg om ons toe te rus vir elke uitdaging, elke beproewing en elke goeie werk wat Hy vir ons voorberei het.

**Ons is veilig:** Ons hoef nie in vrees of onsekerheid oor ons toekoms te leef nie. Maak nie saak wat gebeur nie, ons kan vertrou dat God se genade genoeg is om ons deur te dra. Niks kan jou skade aandoen as God vir jou is nie.

**Ons is vry:** Ons is nie gebonde aan ons foute in die verlede of ons huidige stryd nie. Ons word nie gedefinieer deur ons swakhede of ons mislukkings nie. As gevolg van God se genade is ons vry om ons skuld en skaamte te laat vaar. Ons is vry om in die waarheid te leef van wie ons in Christus is.

Om die krag van God se genade te omhels, is lewensveranderend. Dit kan ons bevry van ons gevoel van minderwaardigheid weens ons swakhede en gee ons krag om ons uitdagings die hoof te bied en om ons Godgegewe drome na te jaag. Dit kan ons vul met 'n diep gevoel van vrede en veiligheid, wetende dat ons in die liefdevolle, kragtige, voldoende genade van God gehou word. Paulus het hierdie genade eerstehands ervaar nadat hy geworstel het met Sy swakhede en daaroor gebid het. God het hom geantwoord "My genade is genoeg vir jou, want My krag kom juis in swakheid tot volle verwesenliking" (2Kor.12:9).

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit 2 Korintiërs 12:9-10 en skryf neer wat dit vir jou beteken:*

"Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede spog sodat die krag van Christus voortdurend deur my kan werk. Ek is dus tevrede met my swakhede, beledigings, ontberings, vervolgings en benoudheid ter wille van Christus, want wanneer ek swak is, juis dán is ek sterk" (NLV)

## Dag 22: God gee barmhartigheid

*Niemand is sterk in Sy eie krag nie, maar hy is veilig deur die genade en barmhartigheid van God. - Cyprianus*

Een van die mees treffende verhale in die Bybel vertel van God se barmhartigheid teenoor Jona. God het Jona na Nineve toe gestuur om hulle vernietiging aan te kondig. Nineve het hulleself bekeer weens die waarskuwing en aankondiging van Jona en God het besluit om die stad in Sy barmhartigheid te spaar van vernietiging. Jona was hieroor baie kwaad want hy wou gehad het dat God onverbiddelik moet wees en Sy wraak oor die stad moet uitgiet terwyl hy eintlik geweet het dat God 'n genadige en barmhartige God is.[37] Barmhartigheid, is uiteindelik nie net 'n gevoel of 'n emosie nie. Dit is 'n goddelike krag wat die vermoë het om harte, lewens en die wêreld te verander. Dit is die krag om te transformeer, genees en om lief te hê. God se barmhartigheid is nie soos ons s'n nie. Dit is nie beperk nie. Dit is nie altyd voorwaardelik nie. Dit is nie gebaseer op wie ons dink dit verdien nie. God se barmhartigheid is grensloos, onvoorwaardelik en dit is vir almal. Ja, selfs vir diegene wat ons dink dit nie verdien nie. Die Hebreeuse woord vir barmhartigheid in die Ou Testament kom van die grondwoord wat baarmoeder beteken. Net soos 'n moeder haar kind in haar baarmoeder dra, versorg en beskerm en so dra God ons ook in Sy barmhartigheid, koester en beskerm Hy ons. Dit is die krag

[37] Jona 4:2

van God se barmhartigheid. Dit vergewe die onverskoonbare. Dit reik uit na die onverdiende en is lief vir die liefdelose. Laat ons dus nie soos Jona wees wat God se barmhartigheid bevraagteken nie. Laat ons dit eerder omhels. Kom ons leef dit uit. Kom ons wys dit, want dit is wat dit beteken om 'n volgeling van Christus te wees: Om God se grenslose, onvoorwaardelike en allesomvattende barmhartigheid te betoon aan almal wat ons ontmoet.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Psalm 86:15-17 en skryf neer wat dit vir jou beteken.*

"U, Here, is barmhartig en genadig, U is stadig om kwaad te word, vol liefde en trou. Sien my raak en wees my genadig. Gee sterkte aan U dienaar, red die seun van U dienaars. Stuur my 'n teken van U guns." (NLV)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 23: God se barmhartigheid beteken dat God ons 'n tweede kans gee

*Sodra 'n man werklik die barmhartigheid van God in Sy lewe ervaar het, sal hy voortaan net daarna streef om te dien. - Dietrich Bonhoeffer*

Jona was kwaad omdat God barmhartigheid bewys het aan 'n stad wat onwaardig was. Maar God, in Sy oneindige wysheid en grenslose liefde, vra vir Jona 'n eenvoudige vraag: "Is dit reg van jou om hieroor kwaad te wees?" (Jona 4:4, NLV). Hierdie vraag is nie net vir Jona nie. Dit is ook vir ons. Dit is 'n vraag wat ons uitdaag om ons harte en ons houding teenoor ander te ondersoek, maar dit is ook 'n vraag wat ons uitnooi om die krag van God se barmhartigheid toe te pas. Wanneer ons na God se barmhartigheid kyk sien ons dit word nie beperk deur ons menslike standaarde nie. Dit word nie beperk deur ons vooroordele of voorkeure nie. God se barmhartigheid reik uit tot almal, selfs diegene wat ons mag dink, verdien dit nie. Jona het gedink Ninevé verdien nie God se barmhartigheid nie. Maar God het anders gedink. God het 'n stad gesien wat Sy liefde, genade en barmhartigheid nodig het en daarom het Hy dit aan hulle 'n tweede kans gegee. Tweedens is God se barmhartigheid 'n oproep tot aksie. Dit is nie net 'n gevoel of 'n emosie nie. Dit is 'n oproep om iets te doen, om 'n verskil te maak. Toe God die stad Nineve sien, het Hy hulle nie net jammer gekry nie. Hy het iets gedoen. Hy het Jona gestuur om hulle te waarsku, om hulle kans te gee om hulle te bekeer en na Hom te draai. God se barmhartigheid het Hom tot aksie beweeg. Dit moet ons ook tot aksie beweeg. As volgelinge van Christus word ons geroep om

God se barmhartigheid aan ander te betoon. Nie net om jammer te voel vir hulle nie, maar om iets te doen om hul lyding te verlig. Om die onverskoonbare te vergewe en die liefdelose lief te hê. Om barmhartigheid te betoon is nie net 'n eenmalige saak nie. Dit is 'n leefstyl wat God se hart weerspieël. Dit gaan daaroor om mense deur God se oë te sien en hulle met dieselfde barmhartigheid te behandel as wat God aan ons bewys het. Hy het opgetree. God se barmhartigheid is verder ook transformerend. Dit verander mense en situasies. Dit het die stad Nineve verander. Toe hulle Jona se boodskap hoor, het hulle tot bekering gekom. Hulle het hulle van hulle bose weë afgewyk en God se vergifnis gesoek. God het hulle in Sy barmhartigheid oor gesien. Hy het hulle gespaar van die verwoesting wat hulle eintlik verdien het. Vierdens is God se barmhartigheid 'n uitdaging. Dit daag ons uit om mense te sien soos God-hulle sien. Dit daag ons uit om lief te hê soos God liefhet. Dit daag ons uit om barmhartigheid te betoon soos God barmhartigheid betoon. Dit daag ons uit om medelydend te wees soos God medelydend is. Laastens is God se barmhartigheid 'n gawe. Dit is 'n geskenk wat ons nie verdien nie, maar God gee dit in elk geval vir ons. Dit is 'n geskenk wat ons nie kan verdien nie, maar God bied dit vrylik aan ons. Dit is 'n geskenk wat ons nie kan terugbetaal nie, maar God vra van ons om dit deur te gee. God se barmhartigheid is 'n gawe. Soos alle geskenke, is dit bedoel om gedeel te word.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Jakobus 2:12-13 en skryf neer wat dit vir jou beteken:*

"Sorg dus dat jou woorde en dade wys dat jy iemand is wat weet dat jy beoordeel gaan word deur die wet wat vrymaak, die wet van liefde. Wie sonder ontferming optree, sal sonder ontferming geoordeel word. God se ontferming is sterker as Sy oordeel" (NLV)

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

## Dag 24: God gee ’n ware koning aan die wêreld

*Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee. Hy sal die heerser wees met die koninklike titels: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy en vrede sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie. Vanaf die troon waarop Sy voorouer Dawid gesit het, sal Hy vir altyd regverdig en reg regeer. (Jes. 9:5-6).*

Solank as wat daar opgetekende geskiedenis is, word ons bewus van mense se behoefte aan ’n koning. Wanneer ’n goddelike koning ’n land regeer is daar orde, voorspoed en vrede en die teenoorgestelde is ook waar. Soos die koning van die land is so is die land. In ons moderne wêreld is konings nie ’n onbekende verskynsel nie. Van die 195 lande in die wêreld is daar 43 lande wat konings (monargieë) het. Die meeste van die konings is simboliese konings in demokratiese staatstelsels terwyl net 7 konings absolute regeerders is. Koning Charles van Engeland is so ’n voorbeeld. Hy het amptelik koning geword op 6 Mei 2023 na die afsterf van sy ma Koningin Elizabeth II en is die simboliese koning van 15 lande. Israel het na die Rigtertyd, wat ’n baie onstabiele tyd was, ’n koning begeer en daarom het God vir Saul uitgekies. Na Saul het Dawid en Salomo in die gesamentlike Ryk gevolg en daarna, onder Rehoboam, het die koninkryk van Israel geskeur in Juda (die Suidelike ryk, Juda en Benjamin) en Israel (die Noordelike ryk, die tien ander stamme). Juda het verder 20 konings gehad en Israel 19 konings. By uitsondering was slegs 8 van die konings van Juda goeie konings. Die slegte konings was in die Bybel geïdentifiseer met die woorde “... en nie gedoen wat reg was in die oë van die HERE Sy God

...” (2Kon.16:2). Selfs die 8 goeie konings van Juda was problematies. Alles was nie wel nie. Dawid was die voorbeeld van ’n goeie koning wat ’n man was na die hart van God, maar het ook in gebreke gebly om volkome regverdig te wees, God se geregtigheid op aarde te openbaar en God se shalom te laat heers op aarde. Daarom was die nasionale verwagting waaroor profete geprofeteer en mense gedroom het van ’n goddelike koning in voortsetting van die troon van Dawid wat regverdigheid, geregtigheid en shalom vir ewig sal bring deur Sy heerskappy. Dit is wat Jesaja se profesie beteken van die Kind wat gebore is met Koninklike titels van “Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors” (Jes. 9:5-6, NLV). Konings en heersers het ’n groot invloed op die geskiedenis gehad, maar die grootste koning wat ooit geleef het en ooit sal wees, is Jesus. Daarom dat die Bybel Jesus die Here van die here en die Koning van die konings noem. Jesus is gebore op aarde om die prys van sonde en ongeregtigheid te betaal maar gaan weer kom om finaal met sonde en ongeregtigheid af te reken en vir ewig as Koning te regeer. Hierdie waarheid en wete dat God ’n koning gee wat ’n einde sal bring aan sonde, lyding en teëspoed en wat regverdig sal regeer, God se geregtigheid sal laat geskied en shalom aarde toe bring moet ’n hoopvolle verwagting vir elke persoon veroorsaak.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Openbaring 19:11-16 en skryf neer wat dit vir jou beteken:*

“Toe het ek gesien die hemel is oopgemaak. En kyk! Daar verskyn ’n wit perd. Sy Ruiter word die Getroue en

Betroubare genoem. Hy oordeel op ’n regverdige manier en voer ook só oorlog. Sy oë was soos ’n vuurvlam en op Sy kop was daar baie heerserskrone. Op Hom was ’n Naam geskryf wat niemand anders as net Hyself geken het nie. Hy het klere aangehad wat in bloed gedoop is en Sy Naam was: Die Woord van God.”

## Dag 25 – God gee Vrede

*As gevolg van die leë graf, het ons vrede. As gevolg van Sy opstanding, het ons vrede ten spyte van ons moeilikste tye, want ons weet Hy is in beheer van alles wat in die wêreld gebeur. - Paul Chappell*

Die wonderlikste attribuut of karaktereienskap van God is volkome vrede. Daarom dat Paulus Hom die God van vrede genoem.[38] Jesaja profeteer hierdie woorde wat ook in die vorige dagstukkie gebruik word: "Hy sal die heerser wees met die koninklike titels: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy en vrede sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie" (Jes. 9:5-6, NLV). Hy is die Vredevors wat nie net vrede gee nie maar met Sy vrede heers sodat Sy hele heerskappy vrede kan ervaar. Die Hebreeuse woord wat vir vrede gebruik word, is "shalom" wat veel meer beteken as net die blote afwesigheid van konflik, maar sluit ook gesondheid, welwese, innerlike vrede, voorspoed, geluk en tevredenheid in. Dit is ook 'n dieper innerlike gemoedstoestand wat voortvloei uit 'n balans en harmonie tussen 'n mens self en sy/haar omgewing. Dit veroorsaak 'n toestand van gemoedsrus en innerlike kalmte, selfs te midde van uitdagings en onsekerhede. Dit is ook 'n toestand waarin 'n persoon vrede het met sy/haar verlede, huidige omstandighede en toekomsvooruitsigte. Dit is uiteindelik wat ons almal begeer. Die Bybel maak dit duidelik dat ons die vrede by Hom alleen kry. Jesus sê " Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld

[38] Rom. 15:33

gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie" (Joh.14:27). Ons het juis God se vrede nodig in onstuimige tye, tye van konflik en uitdaging. Die wonderlike nuus is dat God aan Sy mense vrede gee wat dit soek. Dawid stel dit self sterker deurdat hy sê "Die Here gee krag aan Sy volk. Die Here seën Sy volk met vrede" (Ps.29:11, NLV). Dink aan die beeld van 'n kalm stukkie water in die middel van 'n storm op die see. In ons lewens ervaar ons dikwels stormagtige tye, momente van onsekerheid, beproewinge en selfs lyding. Hierdie storms kan verskeie vorms aanneem, maar God se vrede is soos 'n kalm see in die middel van alles. Net soos 'n see sy kalmte put uit sy diepte, so put ons vrede uit 'n diep verhouding met God. Ons kan dit ervaar deur gebed, deur God se Woord te bestudeer en deur 'n aktiewe verhouding met die Heilige Gees. Dit is 'n vrede wat nie net tye van beproewing oorleef nie, maar ook tye van vreugde. Daarom moet ons nooit alleen worstel met die dinge wat onvrede in ons lewens veroorsaak nie, maar na Hom toe draai en alles wat ons onrustig maak aan Hom gee want Hy is die vors van Shalom! Mag jy strewe na hierdie dieper vlak van vrede en mag jy sien hoe dit 'n transformerende krag in jou eie lewe en die lewens van ander kan wees.

*Bedink die volgende skrifgedeelte uit Filippense 4:6-7 en skryf neer wat jy moet doen om God se vrede te ervaar.*

"Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen. En God se vrede, wat meer is as wat

’n mens dink, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou omdat julle aan Christus Jesus verbonde is” (NLV)

## Dag 26 – God gee ’n doel aan elke mens op aarde

*Die glimlag van God is die doel van jou lewe. - Rick Warren*

God gee aan elke persoon ’n unieke doel en roeping. Ons geloof in ’n almagtige God, wat elkeen van ons met ’n spesifieke doel geskape het, is ’n bron van rigting vir ons lewens. In die Bybel, ons geestelike gids vir hierdie lewe, word daar herhaaldelik na die unieke roeping van elke gelowige verwys. In Jeremia 29:11 sê die Here: "Ek weet wat Ek vir julle beplan het, sê die Here. Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê" (NLV). Alhoewel hierdie vers betrekking het op Sy volk Israel in die ballingskap periode is dit toepaslik op ons elkeen se lewe. God het elkeen van ons geskape met ’n doel en talente en gee deur Sy Heilige Gees aan ons gawes en roep ons dan om die doel te vervul.[39] Dus is ons unieke doel en roeping verweef met ons gawes, talente en passies. Die doel wat God aan ons gegee het verskil met die idee van die wêreld se definisie van sukses en is dikwels diep verbonde daaraan om ’n verskil in ander se lewe te maak en Jesus het die voorbeeld gestel deur om aarde toe te kom om te dien.[40] In Eksodus, hoofstuk 3, sien ons hoe God Moses roep en aan hom gawes gee om die roeping te vervul. Hy was besig om te werk as ’n herder toe hy ’n vuur sien brand, maar dit het nie die bos uitgebrand nie. Toe Moses nader kom, hoor

---

[39] Rom.12:6-8

[40] Mat.20:28

hy God se stem uit die brandende bossie wat hom roep om na Farao te gaan sodat hy God se volk uit Egipte kan uitlei. Moses reageer aanvanklik met vrees en twyfel oor Sy eie vermoëns om hierdie taak te voltooi. Hy besef Sy eie ontoereikendheid, maar God verseker hom dat Hy met hom sal wees. Hierdie oomblik van Moses se roeping is 'n herinnering dat God dikwels Sy werk doen deur gewone mense met beperkings wat soms twyfel in hulle eie vermoë. Ons kan hierdie Bybelverhaal toepas op ons eie lewe deur na te dink oor ons roeping. God roep ons almal na 'n spesifieke doel en dikwels mag ons twyfel aan ons eie vermoëns om daardie roeping te vervul. Net soos met Moses, is God se antwoord aan ons: "Ek sal by jou wees" (Eks.3:12, NLV). God gee aan ons lewens 'n doel en dan ook die talente, gawes en passie om dit te vervul. Elke persoon moet God se roeping met nederigheid en vertroue aanvaar, selfs al twyfel hulle in hul vermoëns. God se krag en genade is genoeg om ons te lei om ons doel te vervul. Dit is deur gebed, selfondersoek en intieme gemeenskap met God dat ons meer helderheid kan kry oor ons unieke doel en roeping. Ons moet bereid wees om na God se leiding te volg en gehoorsaamheid te toon wanneer Hy ons roep. Mag ons elke dag leef met die bewustheid dat ons 'n unieke doel het!

*Bestudeer die volgende skrifgedeelte en bid oor jou werke waarvoor jy bestem is:*

"Dit is mos dié genade wat julle verlos het deurdat julle tot geloof gekom het. En julle verlossing kom nie uit julleself nie, maar is 'n gawe van God. Dit is nie die gevolg van julle dade

nie. Niemand kan daaroor grootpraat nie, want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe" Ef.2:8-10, NLV

## Dag 27: God gee hoop in tye van wanhoop

*Hoop is die woord wat die vinger van God op die voorkop van elke mens geskryf het. - Victor Hugo*

Elke dagstukkie fokus op iets wat God gee, want ons Hemelse Vader is die mees vrygewigste persoon in die heelal. Een van die aspekte waarin God spesialiseer, is om hoop vir die hopelose te gee. Die rede is eerstens want Hy die bron is van hoop. Paulus noem die Hemelse Vader die God van hoop.[41]Tweedens omdat God almagtig is. Dit maak nie saak hoe onmoontlik 'n saak lyk nie, al is die dood ter sprake. Hy is die Een wat selfs 'n persoon kan laat opstaan uit die dood. In 'n gebroke wêreld en lewe waarin daar dikwels onsekerheid, swaarkry, pyn en lyding is, is die hoop wat ons in God vind, 'n vaste anker vir ons siel.[42] Een van die mees aangrypende stories in die Bybel is die verhaal van Josef in die boek Genesis. Josef het allerlei beproewings deurgemaak naamlik die verraad deur sy eie broers, hy is verkoop as 'n slaaf en het onskuldig in die gevangenis beland. Deur al hierdie beproewings het Josef sy hoop nie verloor nie. Uiteindelik, deur God se genade, is hy verhef tot 'n posisie van groot invloed en kon hy sorg dra vir sy familie tydens 'n tyd van hongersnood. Josef se woorde in Genesis 50:20 is 'n getuienis van sy geloof in God se doel, selfs te midde van swaarkry: "Julle het my wel kwaad aangedoen, maar God het die kwaad wat julle gedoen het, omgekeer in iets wat goed is. Hy

---

[41] Rom.15:13

[42] Heb.6:18-20

het deur my gesorg dat 'n groot volk oorleef" (NLV). Hieruit leer ons dat selfs in die donkerste oomblikke van ons lewens, God se plan kan deurskemer deurdat Hy hoop kan bring te midde van wanhoop.

God wil hê dat wanneer ons na Hom toe draai in alles:

- Wanneer ons nie weet wat om te doen nie, is Hy 'n bron van wysheid.
- Wanneer ons voel dat alles ons oorweldig, is Hy ons 'n bemoediging.
- As ons energie opraak, is Hy ons bron van krag.
- Wanneer dinge hopeloos lyk, is Hy ons bron van hoop.
- Wanneer ons gespanne is, is Hy ons bron van vrede.
- Wanneer ons geïrriteerd is, is Hy ons bron van geduld.
- Wanneer ons oorval word met skuld, is Hy ons bron van verlossing.

Laat ons nou na 'n alledaagse voorbeeld kyk. Stel jou 'n persoon voor wat met 'n ernstige gesondheidsuitdaging gekonfronteer word. Hierdie persoon mag dalk deur pyn en onsekerheid gaan, maar dan ervaar hulle die krag en genade van God, die ondersteuning van vriende, familie, medici en gelowiges. Die gemeenskap en sorg wat mense mekaar bied, weerspieël God se liefdevolle teenwoordigheid en die hoop wat Hy ons gee. As gelowiges is ons geroep om hierdie hoop

met mekaar te deel. Ons moet bewus wees van die nood van diegene om ons heen en deur gebed, bemoediging en liefdadigheid die hoop van God uitstraal.

*Bedink die volgende skrifgedeelte en dink aan jou tye van wanhoop en hoe God dit kan vul met hoop:*

"Dis egter nie al nie – ons jubel selfs in ons swaarkry, want ons besef dat die swaarkry ons leer om te volhard. Op Sy beurt kweek volharding betroubaarheid van karakter; en betroubaarheid van karakter versterk ons toekomsverwagting. Hierdie toekomsverwagting sal ons nie teleurstel nie, want ons weet hoe lief God ons het. Hy het Sy liefde mos in ons harte uitgestort deur Sy Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het" Rom.5:3-5, NLV

## Dag 28: God voorsien daagliks in ons behoeftes

*God voorsien vir hulle wat vertrou. George Herbert*

Ons dien 'n persoonlike God wat bewus is van elke haar op ons hoof en elke behoefte wat ons daagliks mag ervaar. Nadat Moses, Israel uitgelei het na die woestyn volgens Eksodus 16 lees ons dat hulle begin kla het oor 'n gebrek aan voedsel. In hulle honger het God op 'n wonderbaarlike wyse ingegryp. Hy het manna van die hemel laat reën ('n spesiale soort broodvlokkies), met die instruksie dat hulle net genoeg moes neem vir daardie dag. God het sorg gedra vir elke behoefte van Sy volk, daagliks, gedurende veertig jaar. Uit hierdie magsdaad leer ons dat God teenwoordig is in ons daaglikse lewens en sorg dra vir ons behoeftes van dag tot dag. In Matteus 6:11 leer Jesus ons bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood." Wanneer Jesus hier van "ons daaglikse brood" praat, verwys Hy na ons daaglikse behoeftes. Hiermee wys Hy ons daarop dat ons die Vader in die hemel kan vertrou vir alle daaglikse behoeftes. In Bybelse tye was brood 'n stapelvoedsel van die lewe en elke dag vars gebak. God gee daaglikse brood aan alle mense, hetsy goed of sleg. Wanneer ons God as ons meestervoorsiener erken, erken ons Hom as Jehovah-Jireh. Ons het vier basiese behoeftes waarvoor ons God moet vertrou om te voorsien: fisiese behoeftes (skuiling, kos en klere), emosionele behoeftes (liefde, stabiliteit, selfvertroue, selfbeeld ens.), sosiale behoeftes (verhouding met ander mense) en dan ons geestelike behoeftes. Ons behoeftes kan uiteindelik net deur Jesus Christus bevredig word. Die woord "gee" wat Jesus gebruik dui waarskynlik op die feit dat

God die bron is van ons daaglikse behoeftes. Dit is Hy wat gee! Wanneer ons bid "gee" vra ons vir God se hulp, plaas ons, ons vertroue in Hom dat Hy in ons behoeftes kan en sal voorsien. John Hamby het gesê: "God het ons met behoeftes gemaak sodat ons na Hom sal moet kyk om dit te voorsien." Die Here nooi ons uit om na Hom toe te draai wat kan gee. Jakobus, een van Jesus se dissipels en ook halfbroer, onderstreep die feit duidelik deurdat hy sê: "En eintlik is die rede hoekom julle nie het wat julle wil hê nie, die feit dat julle God nie daarvoor vra nie" (Jak.4:2, NLV).

Al wat jy moet doen is om in gebed na God toe te kom en te vra. Jesus sê ook in Matteus 7:7 "Bid en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word. As gelowiges kan ons elke dag lewe met die versekering dat ons Hemelse Vader in Sy liefde vir ons sal voorsien. Net soos die manna in die woestyn, mag ons ons harte oopmaak vir God se daaglikse gawes van genade, liefde en voorsiening. Laat hierdie waarheid jou vervul met dankbaarheid en vertroue en mag jy elke dag leef in die bewustheid van God se teenwoordigheid en sorg. Mag jy sê: "Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie" (Psalm 23:1).

*Lees die volgende skrifgedeelte en dink aan jou behoeftes vandag en vra daarvoor in Jesus se Naam.*

"Omdat Christus Jesus dit verdien het, sal my God uit Sy heerlike rykdom vir julle voorsien in elke behoefte wat julle het" Fil.4:19, NLV

## Dag 29: God gee lig

*Die kosbaarste lig is die een wat in jou donkerste uur skyn! - Mehmet Ildan*

Nadat God lig in die wêreld in laat skyn het, het Hy verklaar dat die lig goed is en het ook dadelik skeiding tussen die lig en die duisternis gebring. Op die vierde dag het God verder beveel dat daar ligte moet wees in die hemel (son, die maan en die sterre) wat dag en nag onderskei, die aarde verlig en dien as tekens om seisoene, dae en jare te bepaal en reg deur die Bybel lees ons van die effek van lig. God het lig laat skyn in die donker hemel en aarde, want lig bring biologiese en geestelike lewe en word daarom reg deur die Bybel 'n simbool van lewe. Daar is ook veel meer lig as net die sigbare lig. Daar is lig wat vir die mens onmoontlik is om te sien, want die mens kan net lig op 'n spektrum van tussen 400-700 nanometer (miljardste van 'n meter) sien. Dan is daar natuurlik ook geestelike lig of die lig van God wat ontoeganklike lig genoem word, wat God bewoon. Dit is die lig van die heerlikheid van God, wat aan ons lewe gee. Profete het al in die Ou Testament voorspel van die geboorte van Jesus wat na die wêreld sal kom, wat God se lig is wat net soos op die eerste skeppingsdag 'n einde aan chaos, duisternis en die dood sal bring. Johannes, een van Jesus se prominente dissipels begin sy evangelie anders as die ander evangeliste met 'n verklaring dat Jesus van die begin af daar was en dat daar in Hom lewe was en dat die lewe die lig van mense is. Hy skryf ook Jesus se woorde neer toe Hy gesê het terwyl Hy besig was om die blindgebore man te genees van sy lewe van

donkerte: “So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld”(Joh.9:5). Die lig veroorsaak redding, bevryding en genesing. In Jesus se tweede “EK IS” stelling wys dit op Sy unieke goddelike identiteit en doel. Deur Homself as die Lig van die wêreld te verklaar, het Jesus beweer dat Hy die eksklusiewe bron van geestelike lig is. Geen ander bron van waarheid is vir die mensdom beskikbaar nie. Sonder Jesus lewe ons in donkerheid en ons kan nie sien wie ons is en wat ons doel is hier op aarde nie. Vir gelowiges reg oor die eeue word die lig van Sy heerlikheid sigbaar deur geloof in die openbaring van wie Hy is deur Sy Gees en skrif. Jesus verlig verder nie net mense se lewens nie, maar nooi ook mense uit om in die lig te lewe: “Ek is die lig vir die mensdom. Wie My aanhou volg, sal nooit in die duisternis leef nie, maar sal die lig hê wat lewe gee” (Joh.8:12).

*Lees die volgende skrifgedeelte en oordink die betekenis daarvan vir jou lewe.*

“God het gesê: “Laat daar lig skyn uit die duisternis.” So het Hy ook in ons harte ’n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God wat uit die gesig van Jesus Christus straal.” 2Kor. 4:6, NLV

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

## Dag 30: God gee aan ons 'n Lam

*Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! – Johannes die Doper (Joh. 1:29).*

Paasfees was 'n belangrike fees vir die Jode en kry die naam van 'n Hebreeuse woord "Pesach", wat "Passover" of "verbygaan" beteken. Dit verwys na die nag toe die doodsengel by die huise van Israel verbygegaan het in die tiende plaag, terwyl die eersgeborenes van die Egiptenare gesterf het. Voor hierdie laaste plaag Egipte getref het, het God elke gesin beveel om 'n lam sonder liggaamsgebrek te slag en die bloed van die lam aan die deurkosyne te smeer. Die huise met bloed aan hulle kosyne sal nie die dood in daardie nag sien nie, maar die huise met geen bloed sal getref word. In dieselfde tyd het die Here beveel dat Israel elke jaar die fees moet vier, sodat hulle altyd kan onthou hoe die Here-hulle uit Egipte verlos het.[43] Die week was 'n bedrywige tyd vir alle Jode en daar was groot afwagting. Op Palm Sondag word die Paaslam uitgesoek wat op die Donderdag van die Heilige week geslag word. Daar moet voorbereidings getref word vir die Paasmaaltyd. Die fees van die ongesuurde brode word dan ook gevier. Hierdie week was tradisioneel 'n tyd van toewyding aan God. Min mense in Jerusalem het die Saterdag voor die week wat Jesus gekruisig sou word werklik besef dat die ware Paaslam geslag sou word as versoening vir die hele

[43] Deut.16:3

wêreld se sonde en dat hulle bevoorregte toeskouers van die grootste skouspel op aarde se geskiedenis sou word. Gedurende Paasfees was daar ook streng reëls. Alle Jode moes binne die grense van die stad bly en die stad was dus vol mense om die Paasfees te vier in Jerusalem. Dink net vir 'n oomblik dat God in die agtergrond werk om die heil van mense te verseker. God werk ter wille van ons. Ook aan ons word nou 'n taak gegee van voorbereiding, sodat die ware betekenis van Paasfees deel van ons lewe kan raak en ons lewens kan transformeer. Is jy gereed vir Paastyd? Ons moet gereed maak deur om ons harte en gedagtes voor te berei, sodat die effek van Jesus se offer wat ons in die tyd oordink deel van ons lewens kan word.

*Lees die volgende skrifgedeelte oor die Lam van God wat aan die einde van die wêreld se geskiedenis weer sal verskyn en skryf neer wat dit vir jou lewe beteken.*

"Hulle sal teen die Lam oorlog maak, maar die Lam – saam met dié wat Hy geroep en uitverkies het en wat betroubaar is – sal hulle oorwin, want Hy is die Here van die heersers en die Koning van die konings." Open.17:14, NLV

__________________________________________

__________________________________________

__________________________________________

## Dag 31: God gee aan ons die eerste kruiswoord

*God het Sy liefde aan die Kruis bewys. Toe Christus gehang, gebloei en gesterf het, was dit God wat vir die wêreld gesê het: "Ek het jou lief." - Billy Graham*

Die kruisiging van Jesus Christus is 'n kerngebeurtenis in die Christelike geloof. In hierdie tragiese oomblikke op Golgota word Jesus sewe keer aangehaal onderskeidelik deur Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Hierdie sewe woorde wat Jesus aan die kruis gesê het, het die sogenaamde Kruiswoorde van Jesus geword wat 'n besondere plek in die geskiedenis ingeneem het. Dit te midde van Sy lyding, bied 'n dieper insig in die karakter van Christus, Sy gedagtes, bekommernisse en dra 'n ryk boodskap van vergifnis, geloof, hoop en liefde. Jesus se laaste woorde voor Sy dood demonstreer dat Jesus konsekwent Sy boodskap gelewe het tot die dood aan die kruis. Jesus se eerste woord aan die kruis is 'n gebed tot die Vader vir die wat Hom gekruisig het, onder aan die voet van die kruis: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Lukas 24:34). Hierdie gebed vergewe die boosheid van die mensdom om die Messias wat sondeloos gelewe het te kruisig. Die gemiddelde persoon wat gekruisig was, sou waarskynlik gepleit of die wat hulle gekruisig het, gevloek het. Jesus het egter vir die mense wat teen Hom gesondig het gebid. Hierdie gebed was meer as 700 jaar tevore geprofeteer deur Jesaja toe hy gesê het: "Daarom eer Ek hom as iemand wat groot en magtig is. Want hy was bereid om doodgemaak te word en as misdadiger beskou te word. Hy het die sondes van baie gedra en vir sondaars gebid"

(Jes.53:12, NLV). Vir wie het Jesus gebid? Hy het gebid vir die soldate wat Hom gekruisig het, die verbygangers wat hulle koppe veroordelend geskud het, vir die leiers van Israel wat skuldig was aan die veroordeling en selfs die misdadigers aan die Kruis, want almal was onkundig oor die verskriklike sonde. Weke na die gebeurtenis het Petrus in Jerusalem vir die skare mense gesê "Volksgenote, ek weet dat wat julle aan Jesus gedoen het, in onkunde gebeur het en dieselfde geld van julle leiers" (Hand.3:17, NLV). Jesus het ook nie hulle dade persoonlik opgeneem nie, daarom dat Hy nie vir hulle gebid vir wat hulle aan Hom, of teen Hom gedoen het nie, maar net vir dit wat hulle gedoen het. Hierdie kruiswoord getuig van 'n groot genade, liefde en vergifnis wat Jesus selfs in die mees pynlike oomblikke van Sy aardse lewe bereid was om te gee. Jesus se voorbeeld was in pas met wat Hy geleer het en daarom maak die woorde aan die kruis 'n ewige impak!

*Die meeste mense leef in sondige onkunde (Rom.3:23). Lees die volgende vers en oordink wat dit in jou lewe beteken.*

"Die Here is nie te swak om julle te red nie. Hy is nie te doof om julle te hoor nie. Julle probleem is dat julle sondes julle afgesny het van God. Hy het weggedraai van julle. Dit is weens julle sondes dat Hy nie meer na julle wil luister nie" Jes.59:1-2, NLV

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

## Dag 32: God gee aan ons die tweede kruiswoord

*Jy sal alle ware teologie opgesom vind in hierdie twee kort sinne: Verlossing is alles van die genade van God. Verdoemenis is alles van die wil van die mens.-Charles Spurgeon*

Die tweede kruiswoord van Jesus, wat die kruiswoord van saligheid genoem word was gegee deur Jesus vir een van die twee misdadigers wat saam met Hom aan die kruis gehang het. Die een misdadiger wat aan die kruis gehang het, het Jesus aanhou beledig deur te sê: "Is jy dan nie die Messias nie? Red jouself en ook vir ons!" (Luk.23:43, NLV). Die misdadiger aan wie Jesus uiteindelik genade sou bewys het die man ernstig tereggewys deur te sê: "Het jy óók nie respek vir God nie, alhoewel jy dieselfde straf as hierdie man ondergaan! Ons het dit terdeë verdien, want ons verdien die straf vir wat ons gedoen het. Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie. Hy het verder gesê: "Jesus, onthou my asseblief wanneer U in U koninkryk kom." (v.23:41-42, NLV). Dit is toe dat Jesus hom antwoord: "Ek verseker jou, vandag nog sal jy saam met My in die paradys wees." (v.23:43, NLV). Hierdie man het aan die kruis verantwoordelikheid aanvaar vir sy oortredinge terwyl hy erken dat Jesus sondeloos was. Waarskynlik het hy aan die kruis besef hier hang meer as net 'n mens, maar die redder self. Deur hierdie woord gee Jesus saligheid aan die oortreder en beloof hom 'n plek in die ewige paradys. Hierdie kruiswoord illustreer die onmiddellike en oorvloedige saligheid wat beskikbaar is vir elke mens. Het jy sekerheid oor jou redding? Hierdie kruiswoord

is ’n uitnodiging om ten spyte van jou sonde of verlede na God te draai en Hom te vertrou vir redding.

*Oordink Johannes se woorde in sy eerste sendbrief en maak notas oor wat dit vir jou beteken.*

“As ons beweer dat ons nie sonde het nie, mislei ons onsself en leef ons nie volgens die waarheid nie. As ons egter ons sondes bely, Hy is betroubaar en regverdig om ons sondes te vergewe en ons skoon te maak van alles wat verkeerd is” 1Joh.1:8-9, NLV

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

## Dag 33: God gee aan ons die derde kruiswoord

*When I thought God was hard, I found it easy to sin; but when I found God so kind, so good, so overflowing with compassion, I smote upon my breast to think that I could ever have rebelled against One who loved me so, and sought my good. - Charles Spurgeon*

Jesus se derde kruiswoord was 'n woord van deernis. Nadat Jesus die belofte aan die misdadiger langs Hom aan die kruis gemaak het, verskuif Sy fokus na die mense voor die kruis en spesifiek Sy moeder, Maria en Sy geliefde dissipel Johannes. Hierdie oomblik moes verskriklik vir Maria gewees het. Miskien het sy onthou dat Simeon die profeet in die Tempel 'n profesie gebring en onder andere gesê het "... ja, 'n swaard sal deur jou eie siel gaan- sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word" (Luk.2:35). Al was die kruis van Jesus vir haar swaar, was die een troos, dat die lyding van Maria in God se boek opgeteken staan. Ten spyte van Jesus se eie pyn en lyding fokus Hy nou in op Maria wat Hy geweet het verward was oor Sy lot. Jesus het verskeie kere haar herinner dat Hy die Messias is wat op die regte tyd geopenbaar moet word, daarom dat Hy haar in sulke oomblikke "Vrou" en nie moeder of ma genoem het nie.[44] Hy sê in Sy derde kruiswoord vir Sy moeder: Vrou, dáár is U seun! Daarop sê Hy vir die dissipel: Dáár is jou moeder!" (Joh. 19:26-27). En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem en

---

[44]Joh.2:4; 19:26

soos sy moeder behandel. Dit word beweer dat Johannes, Maria saam met hom Efese toe geneem het. Tot vandag toe kan Maria se huis (na bewering) besoek word in Efese wat geleë is in hedendaagse Turkye. Daar is ’n paar afleidings wat ons kan maak vanuit die derde kruiswoord. Die eerste is dat Jesus vir familie omgegee het. Selfs in Jesus se donkerste oomblikke en Sy belangrike sending, fokus Hy op Sy aardse familie en is hulle welsyn vir Hom belangrik. Jesus was totaal onselfsugtig tot op die punt van Sy eie dood. Hy het aan ander bly dink, selfs in ’n tyd waarin dit verstaanbaar sou wees as Hy net gefokus het op Sy pyn. Hierdie woord moedig ons aan om verby ons eie pyn te kyk en om die pyn van ander raak te sien. Deur Jesus se lewe op aarde het deernis altyd vir ander uitgestaan. Ons as Sy volgelinge behoort dieselfde te doen. Ons is geroep om onsself te verloën en Christus te volg met ons kruise op ons rug.[45]

*Lees hierdie volgende skrifgedeelte en oordink die gedagte dat God mense innig jammer het en wat dit vir jou lewe beteken.*

“En toe Jesus uitklim, sien Hy ’n groot menigte, en Hy het vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape sonder herder was” Mark. 6:34, OAV

________________________________________

________________________________________

________________________________________

[45]Mat. 16:24

## Dag 34: God gee aan ons die vierde kruiswoord

*Slegs in die Kruis van Christus sal ons krag ontvang wanneer ons swak is. Ons sal hoop ervaar wanneer ons situasie hopeloos is. Slegs in die Kruis is daar vrede vir ons ontstelde harte. - Michael Youssef*

In Jesus se vierde kruiswoord hoor ons die bekende woorde "Eli, Eli, lama sabagtani? Dit beteken: My God, My God waarom het U my verlaat?" (Mat.27:46). Ons kan nie die vierde kruiswoord verstaan as ons nie die karakter van God in terme van Sy heiligheid en die verhouding in die Drie-Eenheid verstaan nie. God is in die eerste plek oneindig heilig.[46] Die eienskap plaas God verhewe bo die skepping. Reg deur die Bybel sien ons hoe mense op die heiligheid van God reageer.[47] Dit is die Heiligheid van God wat 'n afstand teenoor sondaars veroorsaak.[48] Jesus as die tweede persoon van die goddelike Drie-Eenheid is ook volkome Heilig en het in Sy aardse lewe heilig geleef en was sonder enige oortreding.[49] Jesus moes in ons plek vir ons sondeskuld sterf. Hy het in die oomblik alles wat boos, sondig en verskriklik is, ervaar sodat ons vergewe, verskoon en vrygespreek kan word.[50] Hy het letterlik Homself verloën om die straf vir alles wat, sleg, boos en afskuwelik is op Homself te neem. Daar bestaan in die tweede plek van die ewigheid af 'n intieme verhouding tussen

---

[46] 1Sam. 2:2
[47] Eks.15:11
[48] Ps.7:12; Rom.3:23
[49] Joh.8:46; 2Kor.5:21; 1 Pet.2:22; Heb.7:26
[50] Jes.53:5

die Vader en die Seun.[51] Die Vader het in die oomblik wat Jesus die sonde van die wêreld op Homself geneem het, die onwaarskynlikste en onmoontlike ding gedoen om Sy aangesig weg te draai van Jesus af, wat die drie ure donkerte op die aarde veroorsaak het. Jesus het dit alles ervaar sodat jy deur God aanvaar kan word. Hierdie kruiswoord weerspieël die menslikheid van Jesus, wat duisternis ervaar het terwyl Hy die sonde van die wêreld dra. Dit herinner ons daaraan dat Hy die straf ontvang het wat ons verdien het. Jy kan vandag vry wees omdat Hy die prys betaal het. Ons moet in verwondering staan oor hoe ver God sal gaan om ons lewens met Hom te versoen!

*Lees die volgende woorde in Romeine en lys die voordele wat na jou toegekom het weens Jesus se offer aan die Kruis.*

"As mense wat deur God vrygespreek is omdat ons glo, het ons nou vrede met God op grond van wat Jesus Christus ons Here gedoen het. Deur Jesus Christus het ons, deurdat ons glo, toegang verkry tot hierdie heerlike posisie van genade waarin ons ons nou bevind en ons jubel vol verwagting oor die heerlikheid wat God aan ons gaan gee" Rom.5:1-2, NLV

________________________________________________
________________________________________________
________________________________________________

[51] Spr.8:30; Joh.8:29; 11:42

## Dag 35: God gee aan ons die vyfde kruiswoord

*Lyding stel ons voor 'n uitdaging: om die doel van ons lewens te vind wat selfs die ergste situasie die moeite werd maak. - Viktor E. Frankl*

Jesus se vyfde woord aan die kruis is een van fisiese lyding. Jesus, al was Hy God self het die mees angswekkende fisiese lyding beleef. Een van die kenmerkende Messiaanse Psalms, wat deur Dawid geskryf is wat Jesus se lyding op die kruis saamvat, is Psalm 69. Die Psalm begin met die woorde "Red my, o God! Die vloedwaters is reeds tot by my keel. Dieper en dieper sink ek in modder, met geen plek om te staan nie. In diep waters het ek beland en die stroom oorweldig my. Ek is uitgeput van roep om hulp. My keel is hees en my oë dof, terwyl ek wag dat God my help" (v.1-4). Hy verklaar dat hy omring is met vyande, hy verduur skande en veragting, is verwerp, word beledig en is beskinder. Hy bid tot God om hom te red en vra dat God nie Sy gesig van hom af sal wegdraai nie[52] wat in Jesus se geval moes gebeur weens die Heiligheid van God.[53] Een van die treffende verse in die Psalm wat verseker verwys na die vyfde kruiswoord is vers 22: "... hulle gee asyn om my dors te les". Voor die kruisiging het die soldate vir Hom asyn, met gal (mirre) gemeng, gegee wat medisinale kwaliteite gehad het om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie.[54] Hy het nou aan die kruis ure later gehang, uitgeput weens die fisiese stres asook die

[52] v 14-20

[53] Mat.27:46

[54] Mat.27:34

geestelike uitputting wat Sy tol die dag geëis het. Jesus sê toe: "Ek het dors!". Die soldate het dadelik gereageer en 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan Sy mond gebring[55] en so het die profetiese woord in vervulling gegaan. Wanneer ons na die kruiswoord luister sien ons in die eerste plek die menslikheid van Christus. Hy was dors want Hy was volledig mens. Daar is egter 'n ander soort dors wat die geestelike lyding verlig wanneer ons van die geestelike water gedrink het. Jesus het self gesê: "Gelukkig is dié wat honger en dors na wat voor God reg is, want Hy sal hulle hartsverlange bevredig" (Mat.5:6, NLV) en later "Wie egter van die water drink wat Ek hom gee, sal nimmer as te nooit weer dors word nie. Die water wat Ek vir hom sal gee, sal 'n fontein in hom word waarvan die water vir altyd sal bly opborrel" (Joh.4:14, NLV). Hierdie uitspraak van Jesus herinner ons daaraan dat Jesus nie net fisieke dors ervaar het nie, maar ook die geestelike dors van 'n mens demonstreer. Soms is mense so soekend na 'n manier om hierdie leë plek of dors, binne hulle te vul, dat hulle die eerste uitweg wat die wêreld bied, aangryp. Christus het aan die kruis gehang sodat jy nie hoef dors te voel nie. Kom word gevul met hierdie lewende water wat net Christus jou kan bied.

[55] Joh.19:28-29

*Lees hierdie woorde van Dawid in nog 'n Messiaanse Psalm en skryf jou gedagtes neer.*

"My lewe is uitgestort soos water, al my bene val uitmekaar. My hart is soos was wat in my wegsmelt. My krag het opgedroog soos 'n potskerf. My tong kleef aan my verhemelte. U laat my vir dood in die stof lê. Soos 'n trop honde sirkel hulle om my; 'n kwaadwillige bende sak op my toe. My hande en voete is vasgemaak" Ps.22:15-17, NLV

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## Dag 36: God gee aan ons die sesde kruiswoord

In die sesde kruiswoord hoor ons hoe Jesus die wenstreep oorsteek met die woorde "Dit is volbring" (Joh.19:30). Jesus het gestand gedoen aan Sy belofte om die wil van die Vader te vervul.[56] Hiermee verklaar Jesus dat Hy, Sy missie voltooi het om verlossing te bring. Hierdie kruiswoord is 'n triomfantelike afsluiting van die offer van Christus, wat vir die mens die weg na versoening met God oopmaak. Baie mense begin dinge maar maak selde daarmee klaar. Jesus het die taak wat God aan Hom opgelê het vervul.[57] Hierdie kruiswoord was dan 'n woord gespreek tot die Vader met betrekking tot die prys wat Hy betaal het in pas met Jesaja se profesie: "Maar dit was die Here se wil om hom te vermorsel en te laat ly. Al het die Here Sy lewe 'n skuldoffer gemaak, sal hy 'n groot nageslag kry en nog lank lewe" (Jes.53:10, NLV). Wat beteken die sesde kruiswoord vir ons? Jesus word 'n voorbeeld vir ons om ons take met ons bestemmingsdoel te verrig. Net soos Jesus Sy missie volbring het, kan ons in ons lewe en werke volhard om 'n positiewe impak op ons gesinne, vriende, kollegas en gemeenskappe te maak. Daar is ook 'n geestelike dimensie tot hierdie kruiswoord vir ons persoonlike geloofslewe. Uiteindelik is daar meer in die lewe as net die fisiese en dit moedig ons aan om met geloof en deursettingsvermoë voort te gaan, met die wete dat ons lewe 'n dieper betekenis en doel het. Die kruiswoord bly 'n bron van

---

[56] Joh.5:30
[57] Joh.17:4

inspirasie vir gelowiges wat daarna streef om 'n vervulde en betekenisvolle lewe te lei. Dit roep ons op tot daadwerklike betrokkenheid, integriteit en geloof in die aangesig van uitdagings. Hierdie woorde bly 'n tydlose herinnering aan die voltooiing van die grootste werk van verlossing, wat ook 'n bron van leiding en krag vir ons daaglikse lewens is. Hy het reeds al ons sonde finaal afbetaal. 'n Oomblik vir Jesus beteken ewigheid vir ons. Ons aanbid Hom, want Hy het klaar vir ons verlossing gegee.

*Lees hierdie woorde van Jesus en skryf jou gedagtes neer.*

"Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring" Joh.17:4, OAV

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## Dag 37: God gee aan ons die sewende kruiswoord

*Die doel is nie om vir ewig te lewe nie, die doel is om iets te skep wat sal. - Chuck Palahniuk*

Jesus se laaste woord aan die kruis vind ons in Lukas 23:46 waar Hy met 'n harde stem uitroep "Vader, in U hande gee Ek my gees oor!" (NLV) en so het Jesus gesterf. Hierdie finale kruiswoord getuig van Jesus se volle oorgawe aan God se wil, selfs tot die laaste oomblik. Hy het gedemonstreer wat dit beteken om mens te wees en om die sterfdatum te bereik met 'n nalatingskap van betekenis. Dit beklemtoon ook Sy intieme verbondenheid met God en Sy bereidheid om Sy lot in die hande van die hemelse Vader te plaas. Net soos al die ander kruiswoorde is die kruiswoord die vervulling van Ou Testamentiese profesieë.[58] Hierdie kruiswoord fokus op die konsep van vertroue en oorgawe aan God se plan vir ons lewens, selfs in die aangesig van lyding en dood. Dit bring dan 'n innerlike vrede en rustigheid, selfs te midde van uitdagings. Hier is drie waarhede om te onthou in jou donkerste tye. God se hand is; groot genoeg om jou te seën maak nie saak waardeur jy gaan nie; sterk genoeg om jou vir ewig veilig te hou maak nie saak wat jy in die gesig staar nie en deurboor sodat Hy jou nooit sal vergeet nie maak nie saak maak hoe stukkend jy is nie.

---

[58] Ps.31:6; Dan.9:26

Een manier om hierdie kruiswoord in ons lewens toe te pas, is deur ’n daaglikse tyd van gebed en oorgawe. Ons deel ons vrese, bekommernisse en vreugdes met God, terwyl ons onsself bewustelik aan Sy wil oorgee. Hierdie daaglikse praktyk skep ’n ruimte waarbinne ons leer om ons lewens volledig in die hande van God te plaas, net soos Jesus gedoen het. ’n Ander aspek van die toepassing is in die konteks van persoonlike groei en selfontwikkeling. Deur ons drome, begeertes en ambisies aan God oor te gee, erken ons Sy soewereiniteit oor ons lewens. Deur hierdie sewe kruiswoorde van Jesus gee God aan jou ’n dieper begrip van die onmeetbare liefde en genade van God, asook ’n aansporing om Christus se voorbeeld na te leef.

*Lees hierdie skif en skryf jou gedagtes neer.*

“Ons moenie dink dis net ons wat onverdiend ly nie. Ook Christus het só gely toe Hy eens en vir altyd vir ons sondes gesterf het. Hy het nooit enige sonde gedoen nie; tog het Hy vir sondaars gesterf om hulle by God te laat tuiskom. Wat Sy liggaam betref, het Hy gesterf, maar wat Sy gees betref, is Hy lewend gemaak” 1Pet.3:18

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## Dag 38: God gee aan ons die opstanding

*Die opstanding is God se "Amen!" na Christus se kruiswoord, "Dit is volbring!"- S. Lewis Johnson*

Die opstanding van Jesus Christus staan in die kern van die Christelike boodskap. In 1 Korintiërs 15 redeneer Paulus: "En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof" (1Kor. 15:14). Hy verklaar dan verder triomfantelik: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het." (1 Kor.15:20). Wat bedoel ons met die opstanding van Christus? Jesus Christus het in hierdie wêreld gekom om te sterf as plaasvervanger vir ons sondes. Die sondelose Seun van God het gekom om Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.[59] Op daardie eerste Goeie Vrydag is Jesus gekruisig. Ons weet Hy het gesterf omdat een van die Romeinse soldate Jesus se sy met 'n spies deurboor het om Sy dood te verseker. Van Sy dissipels het toe Sy liggaam in 'n nuwe graf begrawe.[60] Terwyl Jesus gelewe het, het Hy voorspel dat Hy uit die dood sou opstaan. Hy het Sy vyande uitgedaag: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek dit oprig" (Joh.2:19). Hulle het gedink Hy praat oor die fisiese Tempel maar Hy het oor Sy sterwe en opstanding gepraat. Jesus het op verskeie kere vir Sy dissipels gesê dat Hy deur die leiers in Jerusalem doodgemaak sou word, maar op die derde dag lewend gemaak sou word. Die leiers wat Jesus

[59] Matt. 20:28
[60] Joh. 19:30-42

doodgemaak het, was bewus van hierdie voorspelling dat Hy uit die dood sou opstaan. Alhoewel hulle dit nie geglo het nie, wou hulle verseker dat dit nie sou gebeur nie en daarom het hulle 'n wag by die graf geplaas.[61] Ten spyte van die voorsorg van die Jode en Romeine het Jesus uit die dood opgestaan. Tydens Sy bediening op aarde het Jesus 'n aantal mense uit die dood lewend gemaak, insluitend Martha se broer Lasarus, wat vir vier dae dood was.[62] Die opstanding van Jesus Christus was egter anders. Dit was nie net 'n herlewe soos die geval was met Lasarus, wat later weer gesterf het nie. Op die derde dag is Jesus uit die dood opgewek met 'n verheerlikte liggaam wat met onsterflikheid en heerlikheid beklee was. Sy opstandingsliggaam kon verskyn en verdwyn, deur 'n toe deur beweeg en na die hemel opvaar en neerdaal. As gevolg van die wonder van Christus se opstanding, het Jesus se teleurgestelde dissipels onmiddellik die evangelie met krag begin verkondig en die opstanding van Jesus was die kern van hulle prediking. Hoekom? Sonder die opstanding is daar geen Christenskap nie. Hierdie dissipels van Jesus het gewilliglik martelaarskap vir hulle geloof gely. Die vyande van die evangelie het alles probeer om te bewys dat Jesus nie opgestaan het uit die dood nie, maar was uiteindelik nie in staat om hierdie sentrale aanspraak van die evangelie te weerlê nie. Hulle kon nie die liggaam van Jesus Christus wys en so die Christendom stopsit nie. Die eerste Joodse gelowiges was intussen so beïndruk deur hierdie wonderwerk dat hulle op die dag

[61] Mat. 27:62-66

[62] Joh.11

van Christus se opstanding, Sondag, eerder as op Saterdag begin aanbid het. In die nuwe Testamentiese tye vind ons diegene wat geweier het om in die opstanding te glo. Daarom is ongeloof in die opstanding niks nuut nie, maar oor die eeue heen het mense getwyfel oor wonderwerke en veral in die wonderbaarlike opstanding van Jesus Christus. Die sulkes ignoreer die duidelike teks van die Nuwe Testament en die gewig van ooggetuies wat meer as 500 mense was. As ons glo in die bewyse van die opstanding van Jesus Christus soos dit in die Nuwe Testament opgeteken is, het dit besondere betekenis. Die opstanding bewys dat Jesus Christus God is.[63] Ons verlossing hang af van ons geloof in die opstanding van Jesus Christus: "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word" (Rom.10:9). Die opstanding van Jesus Christus demonstreer aan ons dat al die leringe van Jesus Christus waar is.[64] Die krag vir ons Christelike lewe is die krag van Sy opstanding.[65] Die opstanding van Jesus Christus demonstreer ook dat Jesus Christus die aangewese uiteindelike regter van al die goddelose mense in die wêreld gaan wees.[66] Die opstanding van Jesus Christus hou ook die belofte in dat ons ook sal opstaan uit die dood.[67]

---

[63] Rom.1:4

[64] Rom.4:25

[65] Ef. 1:19-21; Rom.6:4

[66] Hand.17:31 Joh.5:22

[67] 1Kor.15:50-58

*Word vir 'n oomblik stil en lees hierdie volgende skrifgedeelte en reflekteer wat die belofte van die opstanding vir jou inhou.*

"Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe" Joh. 11:25, OAV

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

## Dag 39: God gee aan ons die ewigheid

*Die ewigheid is 'n oomblik wat vir ewig stilstaan. - James Montgomery*

Die ewigheid is 'n groot woord wat mense moeilik snap maar tog hulle verbeelding vasgryp. Daar is in ons iets wat verlang na 'n ewige bestaan. Uiteindelik gaan die verlange na die ewigheid oor meer as net 'n oneindige tyd, maar 'n verlange na die kwaliteit van bestaan wat nie besoedel is met sonde en gebrokenheid nie. Ons weet dat 'n oneindige lang tyd nie noodwendig van 'n goeie lewe spreek nie, want dit kan gekenmerk word deur teleurstellings en lyding. Daarom dat daar mense in ons wêreld is wat lei aan 'n fobie of vrees vir die ewigheid wat bekend staan as "apeirophobia". Daar is mense wat glo dat die lewe lyding beteken en dat 'n langer bestaan meer lyding beteken. Om van lyding ontslae te raak, is dit gevolglik belangrik dat lewe korter moet wees en dat jy iewers moet ophou bestaan. Wanneer jy egter 'n Christen is, lewe jy met hoop ten opsigte van die lewe hierna en die ewigheid. Die hoop op die ewigheid is 'n verlange in ons binneste na iets groter, beter en mooier. Die ewigheidsbesef is deur God in elke mens geplaas: "Hy het aan die mens 'n visie gegee van die ewigheid. Tog kan mense nie die volle omvang van God se werk, van begin tot end, verstaan nie." (Pred.3:1, NLV). God oorspan tyd, ruimte en materie in Sy onbeperkte en ewige bestaan. Hy het in die begin tyd geskep, die ruimte waarbinne Hy die aarde geskape het en het die mens op die aarde geplaas as Sy verteenwoordiger. Vir die beperkte mens wat van die begin af in die konteks van tyd lewe, is dit soms moeilik om die konsep van nie-tyd of ewigheid te verstaan,

al het God in die mens se hart ’n sin vir die ewigheid geplaas. Nadat God alles in tyd vervul het, gaan gelowiges ’n ewigheid saam met God deurbring. Een van die wonderlike beloftes van Bybelse hoop is Paulus se woorde: “Ons swaarkry op die oomblik is gering en tydelik, maar dit bewerk vir ons ’n heerlikheid wat alles verreweg oortref en vir altyd vas sal staan. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare, want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare vir altyd” (2Kor.4:17-18, NLV).

In Openbaring 21 lees ons dat God aan die einde alles herskep. Ruimte en materie word gerestoureer en tyd verander na die ewigheid. Die mens sal ’n bestaan beleef waarin die hemel letterlik aarde toe kom. Die ewigheid het nou aangebreek en dit is die pragtigste prentjie wat die mens al ooit kon sien. Sekerlik stel alle gelowiges belang in die hemel en wil graag daar eindig. Alle mense wil glo dat daar meer in die lewe is as dit wat op aarde ervaar word. Meer as die pyn, lyding, lewe, verlies en dood wat in ’n leeftyd op aarde bestaan. Almal begeer na ’n lewe hierna vir ewig. Uiteindelik is die hemel ’n werklike plek wat Jesus aan Sy dissipels en elke gelowige belowe as die ruimte en plek vir ’n ewige lewe. Die hemel is nie net ’n plek waartoe die gelowige bestem is nie, dit is die woonplek van God, waar Sy troon en engele teenwoordig is en waar die Vader, Seun en Heilige Gees gesien en ervaar kan word. Die gelowige is uiteindelik daartoe bestem en Paulus maak dit duidelik dat gelowiges uiteindelik burgers van die hemel is, waarheen Jesus-hulle sal verlos.

*Lees hierdie volgende skrif en skryf jou gedagtes neer.*

"Hy het alles mooi gemaak, Hy het aan die mens 'n visie gegee van die ewigheid. Tog kan mense nie die volle omvang van God se werk, van begin tot end, verstaan nie" Pred.3:11, NLV

____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________

## Dag 40: God gee aan jou die geleentheid tot redding

*Om ons te red is die grootste en mees konkrete demonstrasie van God se liefde, die definitiewe vertoon van Sy genade deur tyd en ewigheid.- Dawid Jeremia*

Jesus vertel 'n algemene storie met 'n tragiese geestelike waarheid en groot verrassing aan die einde waarvan die wortels terugreik tot in die Ou Testament. 'n Boer het vir hom 'n pragtige wingerd aangeplant en het druiwe geplant en sy wingerd omhein en ook alles gebou wat nodig was om net daar by die wingerd ook wyn te kon maak. Hy het tot 'n plek gemaak waar 'n wag kon sit om die druiwe op te pas. Hy het toe op reis gegaan. Hy verhuur toe sy wingerd met die ooreenkoms dat die huurders vir hom 'n deel van die druiwe-oes sou gee. Toe die oestyd kom, stuur hy een van sy werkers om sy deel van die druiwe te gaan haal. Toe die werker daar aankom, gryp die huurders hom, slaan hom en stuur hom met niks weg. Weer probeer die eienaar en hy stuur nog 'n werker. Met hom het dit nog slegter gegaan as met die vorige een. Die huurders het hom weer geslaan en ook beledig. Die eienaar het weer verskeie pogings aangewend maar die huurders wou niks weet nie. Hulle het van die werkers vir wie die eienaar gestuur het, aangerand en ander het hulle selfs doodgemaak. Die eienaar doen toe iets buitengewoons. Hy besluit om sy eie seun te stuur. Hy het sy seun baie liefgehad maar het gedink dat hulle sy seun met die nodige respek sal behandel. Die huurders het die geleentheid gesien om die seun dood te maak om sodoende die eiendom vir hulleself toe te eien. Jesus vra toe 'n groot vraag: "Wat dink julle het die

eienaar van die wingerd toe gedoen? Ja, hy het self gekom en al daardie huurders laat doodmaak. Die wingerd het hy toe vir ander gegee. Het julle nog nooit die stukkie in die Skrif gelees nie waar daar staan: 'n Klip wat die bouers nie eens wou gebruik nie en eenkant toe gegooi het, het God reg bokant die voordeur ingebou vir almal om te sien"(Mat.21:40-44). In hierdie storie is die rolspelers duidelik herkenbaar, die eienaar is God, die huurders is die godsdienstige leiers en die ander mense is die heidense nasies. Die seun is natuurlik Jesus en dit is 'n mooi parallelle waarheid. Die seun het gekom en gaan deur die huurders doodgemaak word en Sy liggaam gaan buitekant die wingerd uitgegooi word. Jesus se liggaam sou uiteindelik aan 'n kruis buitekant die stad hang. Hierdie is 'n Messiaanse gelykenis. Die gelykenis leer ons verder 'n paar geestelike realiteite. Die eerste is die dwaasheid van die huurders. Hulle is regtig van mening dat hulle nie gaan betaal nie en slaan die skuldinvorderaars. Hulle gaan selfs so ver om te dink dat as hulle die seun doodmaak hulle die eienaars kan word. Hierdie storie pas selfs goed in 'n moderne tyd. Mense gaan uit hulle pad uit om God se teenwoordigheid en eis in hierdie lewe te verwerp. Hulle doen dit deur God se bestaan te ontken en dink Hy is kragteloos en maklik om uit die weg gestoot te word. Reg deur die eeue was daar ateïste en regeringsleiers wat dit al gepoog het. Nog 'n groot waarheid is die geduld van die eienaar. Hy stuur nie die polisie of weermag nie, maar bly diensknegte stuur. Uiteindelik het die huurders 'n kritiese fout gemaak. Hulle het gehandel asof die eienaar dood is. Die werklikheid van die situasie was dat die eienaar was lewendig was en woedend en sou terugkom en met die huurders te deel en om die wingerd aan ander toe te vertrou.

In die kern van die verhaal staan ’n belangrike waarheid. God is en bly die eienaar en God sal terugkom en deel met die aan wie Sy eiendom toevertrou is. Dink vir ’n oomblik vanoggend aan God as die eienaar van alles en hoe Hy lewe aan jou toevertrou hoe Hy Jesus gee en wat Hy van jou verwag want God gee aan jou ’n geleentheid!

*Lees hierdie volgende woorde van Dawid en benut die geleentheid om Jesus te erken en te aanbid.*

“Mag die koning se naam altyd onthou word en nooit vergeet word so lank as die son daar is nie. Mag al die nasies deur hom geseën word en al die nasies hom geseënd noem. Prys die Here God, die God van Israel! Net Hy doen wonderlike dade. Mag Sy heerlike Naam vir altyd geprys word! Mag die hele wêreld vol wees van Sy heerlikheid” Ps.72:17-19, NLV

# Slotwoord

Die 40 dae op pad na die Kruis het ingefokus op die redes waarom God beskou kan word as die mees vrygewigste persoon in die heelal. In die seisoen fokus ons op die gebeure rondom Jesus se pad na die kruis wat die lyding, kruisiging en opstanding insluit van die belangrike sentrale aspekte van die Christelike geloof. Ek vertrou dat dit vir jou ’n tyd van diep geestelike betekenis was om die grootsheid van God se vrygewigheid te verken. Wat sekerlik uitstaan tussen al die aspekte van God se vrygewigheid is sy liefde, genade en gawes.

Die Bybel stel duidelik “God is liefde” (1 Joh.4:8, OAV). Sy liefde is nie beperk nie, maar oorvloedig, alomteenwoordig, onvoorwaardelik en oneindig. Die grootste simbool van sy liefde was dat Hy bereid was om sy eie Seun te offer vir die redding van die mensdom, 'n daad van ongeëwenaarde opoffering en goedhartigheid. Hierdie liefde is nie beperk tot ’n spesifieke groep mense nie, maar strek oor alle kulture, nasies, en gelowe. Die hele pad na die kruis behoort jou te inspireer dat God lief is vir jou.

Genade, is 'n ander belangrike aspek van God se vrygewigheid. In die Christelike geloof beteken genade dat God ons 'n geskenk gee wat ons nie verdien nie. Dit is ’n onverdiende guns wat nie gebaseer is op menslike verdienste nie, maar eerder op God se barmhartigheid. Die konsep van genade beklemtoon die vrygewigheid van God se karakter en sy vermoë om mense te bevry van sonde en skuld. Tydens hierdie

40 dae het ons reflekteer op die onverdiende genade wat God aanbied deur die vergifnis van sondes deur geloof in Jesus Christus. Hierdie genadige daad is 'n bewys van God se buitengewone vrygewigheid, waar Hy nie net die straf vir sonde verdra nie, maar ook die deur oopmaak vir 'n nuwe lewe in Christus.

Die voortdurende gawes van God aan sy kinders op aarde is 'n verdere getuienis van sy vrygewigheid. Elke dag ontvang ons die asem in ons longe, die sonlig wat die aarde verlig, die seisoene wat verander, en die gawes van talente en geleenthede. Hierdie voortdurende gawes is 'n herinnering aan God se sorg vir sy skepsels. Tydens die 40 dae van besinning het ons die gawes herken wat God ons voorsien.

In afsluiting kan God beskou word as die vrygewigste persoon in die heelal as gevolg van sy onmeetlike liefde, onverdiende genade, en voortdurende gawes aan sy kinders op aarde. Daar kan gesê word dat die beskouing van God as die vrygewigste persoon in die heelal ’n diep impak op die gelowige se lewensuitkyk en optrede hetDeur hierdie besef in ons eie lewens toe te pas, kan ons strewe na ’n lewe van vrygewigheid, liefde, en diens aan ons medemens, as ’n weerspieëling van God se ewige goedhartigheid.

.

# Bronnelys

Casey, M, 2018. Grace: On the journey to God (Brewster: Paraclete Press).

Frazier, D (2015). We Have the Kind of God Who Gives: The Giving Power of God. AuthorHouse. Kindle Edition.

Grudem, W (1994). Systematic Theology: An Introduction to Biblical Doctrine. (Inter-Varsity Press: Leicester).

Hibbs, Pierce Taylor (2021). The Book of Giving: How the God Who Gives Can Make Us Givers. Truth Ablaze. Kindle Edition.

Kapic, Kelly M. (2018). The God Who Gives: How the Trinity Shapes the Christian Story. Zondervan Academic. Kindle Edition.

Keller, W, (1981). The Bible as History (New York: William Morrow & Co., Inc.).

Pastor, Matt (2015). The Great Giver: A Philosophy of Worship. Xulon Press. Kindle Edition.

Ross, Hugh (2010). Why the Universe Is the Way It Is (Reasons to Believe). Baker Publishing Group. Kindle Edition.